

DESEMBER/DECEMBER 2016

Volume 18 | No 12

GRAAN SA GRAIN

AMPTELIKE GRAAN SA-TYDSKRIF/OFFICIAL GRAIN SA MAGAZINE



Besoek ons aanlyn

Visit us online



Finansiering gebou vir jou
Finance built for you



JOHN DEERE
FINANCIAL

Syngenta Grain Academy

LEIERSKAP IN DIE
VERBINDINGSEKONOMIE



REGISTREER VANDAG!

MOENIE HIERDIE EENMALIGE GELEENTHEID MISLOOP NIE.

Syngenta glo dat die toekoms van landbou gevorm moet word, eerder as om dit aan omstandighede oor te laat. Syngenta en Graan SA glo dat jong boere toegerus moet word met leierskapvaardighede sodat hulle nie net beter leierskap op hulle plase aan die dag kan lê nie, maar ook die leiding kan neem in landbou-organisasies, landboudebatte, landbouforums en in gesprekvoering met die regering.

DIE PROGRAM FOKUS

Die program fokus veral op vier intra-organisatoriese sones in terme van leierskap:

- 🌱 **Persoonlike leierskap of hoe om jousef te lei**
- 🌱 **Die lei van een ander persoon of een-op-een-leierskap**
- 🌱 **Die lei van 'n span of 'n groep volgelinge**
- 🌱 **Om 'n volgelinge te wees in 'n span wat deur 'n ander leier aangevoer word**

Vir meer inligting en om te registreer vir hierdie eenmalige geleentheid, kontak gerus vir:

Cecile Bester  cecile_marie.bester@syngenta.com  082 608 5921  www.grainacademy.co.za
nie later nie as 10 Desember 2016.

Die Syngenta Grain Academy word aangebied in samewerking met Graan SA en die Sakeskool van die Universiteit van die Vrystaat. Hierdie program is geakkrediteer op NKO Vlak 7.



GrainAcademy

www.grainacademy.co.za



syngenta®

Syngenta South Africa (Pty) Limited, Private Bag X60, Halfway House, 1685. Tel. (011) 541 4000 Fax (011) 541 4072
www.syngenta.co.za



@SyngentaSA



ESTIE DE VILLIERS, redakteur

Ontmoet ons medewerkers...



divan van der Westhuizen het sy voor- en nagraadse studies by die Universiteit van Pretoria voltooi. Hy is tans besig met sy doktorsgraad in Landbou- ekonomie met 'n spesifieke fokus op landboumeganisasie in Afrika.

Hy is die projekkoördineerder van die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BFAP) se plaasvlakprogram, wat alle plaasverwante analises en finansiële modulering insluit. Die fokus van die program is voorts om produksiestelsels en die ekonomie/ finansies daaragter te analiseer en te vergelyk met internasionale boerderybesighede.

Divan het op die platteland grootgeword – Bethlehem in die Oos-Vrystaat en Volksrust in Mpumalanga. Dit is hiér waar sy liefde vir die grond en boerdery posgevat het. Sy liefde vir jag, die natuur, motorfietsry en kuier saam met vriende neem die res van sy vrye tyd op. Hy is nog nie getroud nie.

Lees gerus sy artikel *Hoe mededingend is ons graan- en olie- saadbedrywe in 'n globale konteks?* op **bladsy 14**.

Graan SA se openbare betrekkinge-strategie fokus deurentyd op die bou van netwerke en die skep van bewustheid van die organisasie se aktiwiteite gedurende die jaar. **ALZENA GOMES** (Graan SA) kyk op **bladsy 12** na die “wie, wat en waar van Graan SA in die media”.



Te oordeel aan die bevin- dinge van 'n omvattende internasionale studie is die Hoëveldklimaat, waarbinne die somersaaiegebied gedeeltelik lê, besonder gunstig vir opbrengsverhogings met geenbewerking. Om sukses met geenbewerking te behaal, moet dit nie in isolasie toege- pas word nie, maar saam met twee praktyke van bewaringslandbou, te wete die behoud van 'n deklaag van oesreste en die toepassing van wisselbou. **ANDRÉ NEL** (onafhanklike akkerbou- kundige) en **HENDRIK SMITH** (Graan SA) brei op **bladsy 26** hieroor uit.



GERRIE SMIT (verantwoordelik vir ons rubriek *Wiele vir die plaas*) het die nuwe Foton Tunland Granite toetsbestuur. Volgens hom bied die bakkie uitstekende waarde vir geld. Loer op **bladsy 38** na sy indrukke van dié “Kyk weer-bakkie”.



Laurika Rauch is my gunsteling Afrikaanse sangeres. As ek my kom kry, neurie ek een van haar liedjies. So vergun my om vandag met haar kalwers te ploeg.

Stuur groete aan Mannetjies Roux

O stuur ons net so 'n bietjie reën;

my oom het 'n tenk vol diesolien

en seën my pa en seën my ma

en my oom op sy plaas in Afrika.

Maar my oom het gesukkel op die plaas,

want die son was te warm en die reën te skaars

en die man van die bank het net sy kop geskud,

want my oom, ja my oom was te diep in die skuld...

Ek wonder hoeveel keer ek die afgelope seisoen dié liedjie som- mer kliphard in die kar gesing het as ek hoor hoe droog dit op die familieplaas is en hoe moedeloos my broers en ander produsente is? Gelukkig is die nuwe seisoen sover propvol belofte en lekker reën – mag dit enduit volhou!

Nostalgie

Die tema vir ons Graan SA/Sasol-fotokompetiese vir volgende jaar is “Plaasnostalgie” – 'n tema waaroor ek vreeslik opgewonde is, want ek is baie nostalgies – veral oor die plaaslewe – en ek sien met ver- wagting uit na ons amateurfotograwe se interpretasie van dié tema. (Meer inligting oor die kompetisie verskyn op **bladsy 36**.)

Seker dié dat “Nostalgie” van Laurika vir my een van haar mooiste liedjies is:

Kom sit styf hier teen my

jou kop agteroor.

Hoor jy hoe sag val die reën?

Die dag is verby;

nog 'n week nog 'n maand;

waar loop die tyd met ons heen?

'n Sonneblom uit Bethlehem

En “'n Sonneblom uit Bethlehem” is vir my tipies van 'n Suid- Afrikaanse Kersfees:

Ek bring vir jou 'n sonneblom uit Bethlehem

en gee dit water op Bloemfontein.

Uit Hanover bring ek kappertjiesaad

uit die tuin van nr 3 Darlingstraat

en hanepootdruive uit die Paarlvallei.

Nog 'n somerson-Kersfees,

want die Koningskind verjaar;

die Suiderkruis my kompas

en 'n eng'lekoor ry saam...

'n Geseënde somerson-Kersfees aan elkeen van ons lesers, adver- teerders en medewerkers. Geniet die Koningskind se verjaarsdag saam met jou geliefdes.

Kersgroete

Estie

MEDEWERKERS *vir hierdie uitgawe*

Adriaan de Lange, Jannie de Villiers, Annemie Erasmus, Petru Fourie, Alzena Gomes, Koos Kirsten, Dirk Kotzé, Corné Louw, Jaco Minnaar, Michelle Mokone, André Nel, Ruth Schultz, Gerrie Smit, Hendrik Smith, Dirk Strydom, Liesel Swart, Luan van der Walt en Divan van der Westhuizen



30



22



26



31



INHOUD | CONTENTS

DESEMBER/DECEMBER 2016

GRAAN SA | GRAIN SA

- 9 **Kersboodskap:** 'n Tyd van refleksie
- 9 **Christmas message:** What type of yield is expected of you this year?
- 10 **Ledelandskap**
- 10 Insette van oudleiers hoog aangeskryf
- 12 Ons kyk terug op 2016 – die wie, wat, waar, wanneer en waarom van Graan SA in die media

OP PLAASVLAK | ON FARM LEVEL

- 14 Hoe mededingend is ons graan- en oliesaadbedrywe in 'n globale konteks?
- 18 **Grain market overview:** Outlook for the coming production season

- 20 **Inset-oorsig:** Belangrike ekonomiese aanwysers en insetprystendense vir 2016
- 22 Afrika mieliestamboorder deeglik gemonitor vir oorlewing op Bt-mielies
- 25 Kultivarevaluasie: Aanvulling van data met strookproewe
- 26 Hoëveld ideaal vir geenbewerking

AKTUEEL | RELEVANT

- 28 Fertasa welcomes new CEO
- 29 Fokus op die mooi in elke lewenseisoen
- 30 PNS 25 Jaar-verhaal in koffietafelboek saamgevat
- 30 Taking a fresh look at African soils
- 31 Moderne navorsingsfasiliteit geopen
- 32 Graanproduksie en -produkte: Klop die syfers?

EIENAAR/UITGEWER

GRAAN SA,
POSBUS 74087, LYNNWOOD RIDGE, 0040
Tel: 086 004 7246
E-pos: www.grainsa.co.za

SUBSKRIPSIE EN VERSPREIDING

(ADRESVERANDERING): Marina Kleynhans
SA GRAAN/GRAIN, POSBUS 88, BOTHAVILLE, 9660
Tel: 086 004 7246
E-pos: marina@grainsa.co.za

REDAKSIE

BESTURENDE REDAKTEUR: Johan Smit
Tel: 018 468 2716 • Sel: 082 553 7806
E-pos: johan@infoworks.biz

REDAKTEUR: Estie de Villiers
Tel: 081 236 0534 • Sel: 083 490 9449
E-pos: estiedv@mweb.co.za

REDAKSIONELE ASSISTENT: Elmien Bosch
Tel: 018 468 2716 • E-pos: elmien@infoworks.biz

GRAFIESE ONTWERP: Ashley Erasmus,
Infoworks Media Publishing
Tel: 018 468 2716 • E-pos: ashley@infoworks.biz

DRUKWERK: Colorpress
Tel: 011 493 8622

MASSAVERSPREIDING: Prosource
Tel: 011 791 0410

SPOTPRENTTEKENAAR: Frans Esterhuyse

ADVERTENSIEVERKOPE

KOLBE MEDIA – Kaapstad
Jürgen van Onselen
Tel/faks: 021 976 4482 • Sel: 082 417 3874
E-pos: jurgenv@kolbemediamedia.co.za

GRAAN SA HOOFKANTOOR

Blok C, Alenti Office Park
Witheritstraat 457
Die Wilgers
Pretoria
0041

Tel: 086 004 7246
Faks: 012 807 3166

Bezoek Graan SA by
www.grainsa.co.za of
skandeer dié QR-kode:



- Die menings van die skrywers van artikels in hierdie blad is hul eie en verteenwoordig nie noodwendig die mening van Graan SA nie.
- *The opinions expressed by contributors are their own. They do not necessarily express the opinion of Grain SA.*
- "Promosie-artikels" is betaalde artikels; terwyl "produk-inligting"-artikels feite kan bevat oor kommersiële produkte.
- *'Advertisorials' are paid articles; while 'product information' articles may contain facts on commercial products.*

ALLE regte van reproduksie van alle berigte, foto's, tekeninge, advertensies en alle ander materiaal wat in hierdie tydskrif gepubliseer word, word hiermee uitdruklik voorbehou ingevolge die bepalings van Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg Nr. 98 van 1978 en enige wysigings daarvan.



- 35 'n Duitse velddag – hou ons kers vas?
- 37 Grain SA/Sasol photo competition: Looking back on a colourful year
- RUBRIEKE | FEATURES
- 4 Graan SA Standpunt: Genoeg is genoeg-legkaart
- 5 Grain SA Point of View: Enough is enough puzzle
- 7 Uit die Woord
- 7 Op die kantlyn
- 38 Wiele vir die plaas: 'n " Kyk weer-bakkie" – padindrukke van die Foton Tunland Granite
- 40 E-posse: Die boks

Voorblad / Cover

Deur John Deere Financial plaas ons jou, die produsent, in die posisie om die nuutste John Deere-tegnologie teen persoonlike gestruktureerde finansiering te bekom.





JANNIE DE VILLIERS, uitvoerende hoofbestuurder/CEO

Genoeg is genoeg-legkaart

ek hoor nou nog hoe Louw Steytler (voormalige voorsitter van Graan SA) ons telkemale in vergaderings herinner het aan adv George Bizos se woorde: "The centre will hold!" (Die gematigdes sal seëvier.)

Suid-Afrika het in Oktober/November 2016 'n groot tyd beleef en nuwe geskiedenis is geskryf – waaroor ons kleinkinders eendag gaan moet leer en waaroor hulle eksamen sal moet skryf. Die gematigdes het duidelik laat hoor: "Genoeg is nou genoeg!"

Adv Thuli Madonsela het uiteindelik vir ons die prentjie van die legkaart wat ons die afgelope jare probeer bou het, kom gee. Dit is asof selfs die regslui almal by een vergadering was en in een koor begin sing het: Genoeg is genoeg! Ek het selfs tydens die African Farmers' Association of South Africa (AFASA)-jaarvergadering geluister hoe ons swart produsente ons ministers aanvat oor die swak diens aan produsente en geen hulp tydens droogte nie. Genoeg is genoeg, het hulle gesê.

'n Ander groot, nuwe wending was toe die AFASA Kongres vir me Annette Steyn (die DA se skaduminister van Landbou, Bosbou en Visserye) tydens die kongres die vloer gegee het om die vraag te beantwoord oor wat ná 2019 van hul plase, wat nou aan die staat behoort, gaan word. Dit was 'n uiters betekenisvolle vraag. Steyn het hulle verseker dat hulle in só 'n scenario titelaktes sal kry sodat hulle kan boer. Sy weet dat 'n mens nie sonder sekuriteit kan boer nie.

Nog 'n les wat ek daardie dag geleer het, was om dáár te wees waar die produsente is en geduldig deur 'n kongres te sit tot jou groot geleentheid aanbreek. Te veel ministers kom maak toesprake en dan loop hulle dadelik weer vir meer belangrike sake as dit wat produsente tydens kongresse bespreek.

Wonder nogal wat dit kan wees? Ek was so beïndruk met wat daardie dag by die AFASA Kongres gebeur het, dat ek en Peline Swart (visevoorsitter van Graan SA) die volgende dag saam met die AFASA-lede na die Uniegebou geloop het om die president van die land te vra om vir produsente titelaktes te gee sodat hulle kan boer.


Ja, hy was nie daar nie. Hy was seker besig met regspleging vir dit wat op hom en sy vriende in die daaropvolgende dae gewag het. Ek weet nie van ons president nie, maar dit is so al of hy en sy vriende nie die "genoeg is genoeg"-temperatuur reg gelees het nie.

Die opstaan vir dit wat reg en goed is, is 'n besondere gebeurtenis. Dit het mense oor alle grense heen saamgesnoer. Die laaste keer wat 'n president ons as land saamgesnoer het, was tydens 2007 se Rugby Wêreldbekerfinale met Nelson Mandela. Nooit sou ons kon dink dat president Jacob Zuma ons ook só kon saamsnoer oor iets nie – hierdie keer is die rede hyself.

Ek het myself op 'n stadium vir 'n kort rukkie laat droom oor hoe 'n landbousektor kan lyk en funksioneer as dit deur die regte, kundige mense gelei en bedien word. Man, dit was 'n lekker gevoel! Al wat ons kort, is iemand om vir ons al die stukkes van die legkaart bymekaar te sit om die prentjie wat oor die afgelope jare gevorm is, te illustreer.

Dit is wat leiers doen. Wys vir mense 'n prentjie van 'n beter toekoms en hulle volg met ywer en entoesiasme. Desember is beslis 'n tyd wat God ook vir ons Sy prentjie vir ons verlossing kom wys het – Jesus. Hy het deur Sy geboorte vir ons kom wys hoe Hy die wêreld verlos. Laat ons dan die tyd nuttig gebruik om oor Sy prentjie na te dink en beter al die los klein legkaartstukkes wat rondom ons vorm, te verstaan. ■

“ Die opstaan vir dit wat reg en goed is, is 'n besondere gebeurtenis. Dit het mense oor alle grense heen saamgesnoer. ”



Enough is enough puzzle

I still recall how Louw Steytler (previous chairperson of Grain SA) repeatedly in meetings reminded us of Advocate George Bizos' words: 'The centre will hold!'

South Africa experienced extraordinary times during October/November 2016 and new history was made – about which our grandchildren will one day have to learn and on which they will have to take exams. The Centre has made it perfectly clear: 'Enough is enough!'

Advocate Thuli Madonsela at last presented us with the picture of the puzzle we have been trying to build over these last few years. It is as if even the legal community attended the same meeting and as if they in one voice, started singing: Enough is enough! Even at the Annual Meeting of the African Farmers' Association of South Africa (AFASA) I listened to our black producers taking Ministers to task about the poor service delivered to producers and no help from them during the drought. Enough is enough, they said.

Another big and new turning point was when the AFASA Congress gave Annette Steyn (the DA Shadow Minister of Agriculture, Forestry and Fisheries) the floor during the congress to reply to the question of what was going to happen to their farms, which currently belong to the state, after 2019. It was an extremely meaningful question. Steyn assured them that in such a scenario they will receive the title deeds to their farms so that they can farm. She knows that one cannot farm without security.

Another lesson I learned that day was to be where the producers are and to patiently sit through a congress until your big opportunity arrives. Too many Ministers tend to deliver speeches and to depart immediately afterward for more important matters than those discussed by producers during congresses.

I wonder what could be so important? I was so impressed with what transpired at the AFASA Congress that day that Preline Swart (vice-chairperson of Grain SA) and I joined the march of AFASA members to the Union Building the next day to ask the President of the country to give title deeds to producers so that they can farm.

Yes, he was not there. He was most likely busy with legal preparations for that which awaited him and his friends in the ensuing days. I do not know about our President, but it appears as if he and his friends misread the 'enough is enough' temperature.

Standing up for that which is right and good is a noteworthy event. It united people across all borders. The last time a President united us as a country, was Nelson Mandela during the Rugby World Cup Final in 2007. Never would we have imagined that President Jacob Zuma could ever unite us about anything – this time he is the reason.

At one stage I allowed myself to dream a while about how the agricultural sector could look and function if it was lead and served by the right, knowledgeable people. Man, that was a good feeling! All we need is for someone to put together all the pieces of the puzzle to illustrate the picture which has been formed over the last couple of years.

That is what leaders do. Show people a picture of a better future and they follow eagerly and enthusiastically. December definitely is a time when God also showed us His picture of redemption – Jesus. He, through His birth, came to show us how He redeems the world. Let us then use the time effectively to ponder on His picture and to better understand all the small loose pieces of the puzzle forming around us. ■

Sonneblombasters waarop mens **verlief** kan raak...

Skakel gerus een van ons takke vir verdere inligting.

Potchefstroom: 018 294 7470

Kimberley: 053 841 0675

Pretoria: 012 813 8079



Agsun 8251

Agsun 5264

Agsun 5278

Agsun 5270



Plant in die kol, plant


agricol
aan die groei

Met die WOORD



DS KOOS KIRSTEN

daar heers gewoonlik groot opgewondenheid wanneer 'n nuwe trekker of implement op die plaas aankom. Die afwagting wat dit voorafgaan, dra daartoe by. Gou word die nuwe werktuig op die proef gestel. Dit bly darem maar lekker om met 'n nuwe werktuig te werk. Daarby lyk dit mos asof dit beter werk as die oue – wat al gedaan gewerk is.

Só is dit ook met die mens. Dit is waarom die Here Jesus na die Aarde toe gekom het. Hy het gekom om die mens weer nuut te maak (2 Kor. 5:17 en 18). Dit is ook die rede vir Kersfees. Christus is in die wêreld gebore om ons nuut te maak en om ons met God te versoen. Versoening beteken om 'n gebroke verhouding te herstel en weer nuut te maak.

Christus het na die wêreld gekom om ons sondes op Hom te neem en die straf wat op ons moes kom, te dra. Só het Hy die ding wat tussen ons en God kom staan het, weggeëem. Ons sondes is betaal en daarom reken God ons ons misdade nie meer toe nie. Nou het ons weer vrye toegang tot God ons Vader deur Christus. Nou kan ons te enige tyd, dag of nag, na ons Vader gaan met wat ons ook al op die hart het.

Kersfees is juis die tyd wat ons aan ons verhouding met God en met almal om ons moet aandag gee. Die apostel Paulus roep

ons op om hierdie versoening wat Christus vir ons bewerk het, aan te neem. Deur die geloof moet ons vasgryp aan wat Hy gedoen het. Deur die geloof moet ons werk aan ons verhouding met God en ons medemens.

Christus het ons sondes weggeëem en Hy en die Vader het die Heilige Gees aan ons gegee om ons nuut te maak, om ons weer gebore te laat word. As nuwe mense moet ons nou leef soos nuwe mense. As nuwe mense moet ons in nuwe verhoudings lewe. Soos 'n nuwe trekker of implement beter werk as die oue, moet ons as nuwe mense beter leef as die ou sondige mens. ■

Wen 'n Bybel

Ook beskikbaar in Engels, Zulu en Xhosa.

Stuur 'n e-pos na estiedv@mweb.co.za of faks na 086 275 4157 voor die einde van die maand waarin die uitgawe verskyn en staan 'n kans om hierdie Bybel te wen.

[bybelgenootskap van suid-afrika](http://bybelgenootskap.van.suid-afrika)

Baie geluk aan Petro Sutherland van Hopetown wat vir die November-uitgawe van SA Graan/Grain die gratis Bybel gewen het.

Op die KANTLYN

40%

40% van graanprodusente op 1,75 miljoen ha pas bewaringslandbou in Suid-Afrika toe, waarvan die grootste persentasie aanvaarding in die Wes-Kaap (85%) en KwaZulu-Natal (80%) is.

– Findlater, K. (2015). *Improving South African grain farming*. PhD Thesis, University of British Columbia, Vancouver, Canada.

34%

The current high ending stocks of wheat internationally represent 34% of the average world production over the past three years.

– United States Department of Agriculture (USDA)

5,4% ↑

The latest estimates from the National Crop Estimates Committee reflect an increase of 5,4% in the area planted and 20,4% in the expected wheat crop if compared to the previous year.

– National Crop Estimates Committee (NCEC)

The Department of Science and Technology's Director General, Dr Phil Mjwara, says biotechnology or genetically modified (GM) crops have had a positive economic impact on South Africa.



▲ Scan for more information.

'It is estimated that the economic gains from biotech crops for South Africa for the period 1998 to 2013 were \$1,6 billion and \$313 million for 2013 alone.

'In 2014, South Africa was growing more than 2,7 million hectares of GM crops. About 86% and 90% of maize and soya produced, respectively, are GM. Cotton is 100% genetically modified,' he said.

– South Africa News Agency. 2 November 2016. *Report: Biotech crops impact economy positively*

Interesting facts

TABLE 1: CONSUMPTION OF MAIZE AND WHEAT BASED PRODUCTS.

| PER CAPITA CONSUMPTION | MAIZE PRODUCTS | WHEAT PRODUCTS | PAN BAKED BREAD |
|---|------------------|------------------|-----------------|
| 12 MONTHS (1 SEPTEMBER 2015 - 31 AUGUST 2016) | | | |
| Manufactured | 3 329 059 | 3 137 080 | 2 059 272 604 |
| Plus imports | 11 659 | 5 274 | |
| Minus exports | -69 532 | -14 353 | |
| Total 'consumed' | 3 271 186 | 3 128 001 | |
| Total population | 53 491 000 | 53 491 000 | 53 491 000 |
| Per capita consumption (kg/units) | 61,15 | 58,48 | 38,50 |

– SAGIS

Gees gerus jôu mening van die kantlyn af:



estiedv@mweb.co.za



083 490 9449





GRAIN SA
GRAAN SA

Graan SA wens alle heffingbetalers en invorderingsagente 'n Geseënde Kersgety toe



Dankie aan ons produsente vir die betaling van hul bedryfsheffing asook dié instansies wat die invordering daarvan behartig.



'n Tyd van refleksie

So aan die einde van die jaar kom daar gewoonlik 'n tyd van rustigheid. Vir party is dit die einde van die seisoen, vir ander is dit die afwagting van die oes wat in die grond is en om te sien wat daarvan gaan word; en vir ander is dit die bekommernis oor al die vakansiedae en bewerkings wat nog tussendeur gedoen moet word. Vir sommige lê die reis na 'n vakansiebestemming voor; ander pas die huis op.

But around Christmas everything quietens down and your thoughts take you down another road. Christmas is a time of reflection, of thinking back upon the past year. We think back on our farming enterprises and how we fared. Did we make the correct decisions; did we put them into actions and what were the good and the bad of the past year? Did we make the correct marketing decisions; did we plant? It is a time to consider if what we do is still what we want to do and if it is still worth the while?

It is a time to reflect on politics and to try and make sense of it all. It is clear that there is a change in the world with regards to peoples' attitudes towards their leaders. Leaders are called upon to fulfil their responsibilities. And consequences are suffered. Individuals demand their rights, but the premise is that everybody should think like them. Tolerance towards people of another class, colour, ethnic group, nationality and even gender is in decline.

Kerstyd is ook tyd van families en vriende. Ons mis diegene wat nie meer met ons is nie; ons bou weer aan familiebande en ons onthou die goeie herinnerings en goeie tye, maar ons reflekteer ook weer oor ons prioriteite. Doen ons genoeg vir ons families, eggenote en kinders? Spandeer ons kwaliteit tyd saam met hulle, bestuur ons ons tyd of word dit bestuur?

Ons reflekteer oor dít waarvan ons hou en dít wat vir ons kosbaar is. En hierdie is juis dít wat ons laat dink aan die toekoms

– dít wat ons wil behou en dít wat ons wil verander. Dít is die tyd waar ons die plan vir die komende jaar in ons gedagtes formuleer en 'n strategie – veral vir onself – bepaal.

Kersfees is juis dié tyd wanneer ons dink oor waar ons krag deur die jaar vandaan gekom het. Hoe het ons dit gemaak tot hier? En ons kan dan nie anders as om te sê deur God nie! Hy het ons gelei, soos Hy in Sy Woord belowe. Die digter van Psalm 23 het dit ook besef toe hy begin rustig raak het – toe die kalmte oor hom gekom het. En dan word ons weer herinner aan Kersfees en Sy meesterplan vir ons – sonder dat ons dit verdien.

Mag hierdie Kerstyd vir elkeen 'n tyd van refleksie wees – 'n tyd van vrede, maar ook 'n tyd wat ons opnuut weer bewus raak van God se krag en almag! Aan God al die eer!

Jacob Minnaar
Voorsitter: Graan SA



What type of yield is expected of you this year?

The Christmas message for this year takes me back to the pictures of so many families around the kitchen table in the evening, praying for rain during this past dry season. It was a time of the renewal of our relationship and dependence upon God.

The first rains this season literally woke all of nature from the dead. Abundant life in places where we would have thought everything was dead. This is also the message for Christmas: God, the Father, looked at this world that was dying of sin and decided to send us 'rain' in the form of His only Son, Jesus. With this He brought life to what appeared to be dead.

Hierdie Kersfees is 'n tyd waarin jy moet toelaat dat Jesus deur die droë gebarste plekke in jou lewe inloop om weer nuwe lewe te bring. Deur die barste van ongeloof en stukkende verhoudings. Binne-in die krake van ongeduld en onvriendelikheid. Sy Seun is ook die genesing vir jou hart, wat die grond is vir die vrug in jou lewe – waarna die ware Landbouer so uitsien!

Dalk was die droogtejaar vir jou ook 'n tyd van rus soos 'n oorlêland wat in die nuwe seisoen meer vrug moet dra. Spandeer hierdie Kersfees deur met God te praat oor Sy verwagtinge vir dié spesiale oorlêland. Lees sy Woord. Vra vir jou huweliksmat om weer die lang weergawe van sy/haar drome vir die lewe met jou te deel en speel met jou kinders of kleinkinders op die mat.

Wees jy ook reën, soos Jesus, vir ander se droë harte wat smag na uitkoms. Dalk is dit net 'n woord van bemoediging, 'n telefoonoproep na iemand waarmee jy die afgelope jaar nie gepraat het nie, of dalk 'n geskenk vir iemand wat ure in gebed vir die Here iets spesiaals gevra het.

This Christmas you should create an opportunity for God to provide 'rain' to your heart through his Son Jesus and in so doing be a blessing onto others.

Jannie de Villiers
CEO: Grain SA ■

LEDE-LANDSKAP

'n 180°-blik op ons lede en tak-aktiwiteit



ALZENA GOMES, skakelbeampte: Graan SA

Word só maklik lid van Graan SA

DIRK KOTZÉ, ledebemarking en kommunikasiebeampte: Graan SA

Graan SA is 'n outonome bedryfsorganisasie wat in belang van die graanprodusent in Suid-Afrika optree. Lidmaatskap is onderworpe aan 'n vrywillige bedryfsheffing.

Enige produsent wat graan produseer, kan lid van Graan SA word deur 'n magtigingsvorm te voltooi. Met die vorm magtig jy as produsent die betrokke agent om 'n heffing van die bedrag aan jou verskuldig, af te trek en aan Graan SA oor te betaal.

Na ontvangs van die magtigingsvorm stuur Graan SA die vorm aan die invorderingsagent waar lewering van graan gaan plaasvind en word jy op Graan SA se databasis geregistreer.

Vir meer inligting kontak Dirk Kotzé by 082 492 3313 of dirk@grainsa.co.za. ■



▲ Skandeer dié QR-kode om die vorm aanlyn in te vul.

Graan SA/Sasol fotokompetisie
– Hetty Steyn 2012

Insette van oudleiers hoog aangeskryf

JOHAN SMIT, besturende redakteur: SA Graan/Grain

Is dit nie ironies dat Graan SA in 'n geskiedkundige droogtejaar die geskiedenisprojek afgehandel het nie? Dit het die geleentheid geskep om mense net weer te herinner waar ons vandaan kom en wat produsente en die organisasie in die verlede al deurgemaak het en om weer 'n slag oor ons *roots* te gesels.

Só gesels mnr Jannie de Villiers, Graan SA se uitvoerende hoofbestuurder, oor die organisasie se geskiedenisprojek wat in Julie vanjaar in elektroniese boekformaat op die webtuiste bekend gestel is. Dié e-publikasie, met die titel *Die Graan en Oliesadebedryf van Suid-Afrika – 'n Reis deur Tyd*, se samestelling het oor 'n tydperk van nagenoeg twee jaar plaasgevind.

"Die navorsingsproses het onder andere bestaan uit sowat 37 onderhoude met prominente rolspelers uit die bedryf," het mnr Nico Vermaak, bestuurder: Korporatiewe Dienste, Graan SA én koördineerder van die projek, gesê. Die outeur, mnr David Theron, het onder andere met oudleierskap en uitgetrede amptenary onderhoude gevoer. Hy sê dit was byvoorbeeld 'n voorreg om persoonlik met 'n strydros soos mnr Boetie Viljoen, eertydse voorsitter van NAMPO, te kon gesels oor die veelbesproke besoek aan staatspresident PW Botha in 1985.

"Graan SA bedank elke rolspeler, individu en medewerker vir hulle insette en tyd spandeer om die geskiedenisprojek moontlik te maak. Dit was 'n spesiale voorreg dat elkeen van die oudleiers

wat die bekendstellingsgeleentheid op 26 Julie op NAMPO Park bygewoon het, ook deel uitgemaak het van die projek om die graan- en oliesadebedryf se verhaal op te teken," het De Villiers aan SA Graan/Grain gesê. ■

▼ 'n Geskiedkundige oomblik in eie reg. **Jaco Minnaar**, voorsitter van Graan SA (heel regs), deel die vloer met ses oudgraanvoorsitters tydens die bekendstelling van die geskiedenisboek. Van links: **Boetie Viljoen**, **Cerneels Claassen**, **Japie Grobler**, **Bully Botma**, **Neels Ferreira** en **Louw Steytler**.



MONSANTO en jy ...

... sorg saam vir ons gemeenskap.

Het jy geweet dat jy en **MONSANTO** 'n belangrike rol speel in die skeep van 'n gesonde gemeenskap?

MONSANTO was instrumenteel in die stigting van die Buhle Akademie waar boere in-diens opleiding ontvang en is ook in jou gemeenskap betrokke by skoleprojekte, die instandhouding van skoolbussies, vrouedae, sportaktiwiteite, gemeenskapopleiding, natuurbewaring, veiligheidsaksies en ander skenkings.

Kontak ons gerus by: **011 790-8200** of **customer care.sa@monsanto.com**



Saam sorg ons vir 'n volhoubare toekoms.



MONSANTO



Ons kyk terug op 2016

– die wie, wat, waar, wanneer en waarom van Graan SA in die media

ALZENA GOMES, skakelbeampte: Graan SA

Graan SA se openbare betrekkinge-strategie fokus deurentyd op die bou van netwerke en die skep van bewustheid van sy aktiwiteite gedurende die jaar. Ons is oortuig daarvan dat innoverende boodskappe en veral konsekwentheid belangrike beginsels is om die organisasie in stand te hou en te laat groei en moedig daarom ons lede deurlopend en aktief aan om inligting intern te deel en ons fokus daarop om netwerke met landbourolspelers en -belanghebbendes ekstern te versterk.

Fokusareas


Ons fokus spesifiek op die konsepte wat noodsaaklik is om die organisasie deur middel van sy openbare betrekkinge-aktiwiteite te posisioneer. Hierdie konsepte kan soos volg opgesom word:

Differensiasie

Versekering dat ons pogings, kommunikasie-aanbiedings, diens aan graanproduserende lede, besprekings van kwessies en openbare betrekkinge-strategieë ons organisasie uniek en anders maak.

Assosiasies

Bevestiging dat die gevolge van alle kommunikasie- en media-aktiwiteite wat uitgebeeld word, die organisasie se strewen kenmerk om betrokke te wees by en geraadpleeg te word oor alle sake wat op die welstand en beleidsomgewing van die bedryf betrekking het.



Identiteit


Sekerheid dat die organisasie en sy werknemers uitgebeeld word as tegniese kundiges en sterk voorstanders daarvan om die graanproduserende se rol in die versekering van volhoubare voedselsekerheid te bevorder.

Welwillendheid


Vergewissing dat die beleide en optrede van die organisasie waarby ander baat en wat die gemeenskapsbelange van belanghebbendes bevorder het, aan alle lede gekommunikeer word.

Kommunikasiekanale

Graan SA gebruik verskeie kommunikasiekanale en mediaplatforms om sy teikengehore te bereik, sodoende die boodskap met betrekking tot die belangrikheid van voedselsekerheid en volhoubare graanproduksie aan beide sy lede en die algemene publiek oor te dra.



Hoe sosiaal is Graan SA?




Woordwolk

Die organisasie se "woordwolk" is 'n beeld saamgestel uit woorde wat na gelang van die grootte van elke woord, die frekwensie en belangrikheid van Graan SA se mediadekking die afgelope jaar uitbeeld.






Sosiale sentiment



Mediaplasing en -analise

Graan SA streef na kommunikasie met sy medianetwerk, wat konsekwente en effektiewe interaksie tot gevolg het. Dié steeds groeiende medianetwerk bied die ideale platform om Graan SA se blootstelling, betrokkenheid, invloed en impak ten toon te stel en die volgehoue poging om Graan SA se profiel in veral die nasionale Engelse media te vestig, het vrugte afgewerp. ■



| Stasie | Berigte |
|--------------|---------|
| OFM | 143 |
| eNCA | 119 |
| RSG | 88 |
| SABC News | 87 |
| Kyknet | 70 |
| SAFM | 59 |
| Pretoria FM | 59 |
| Algoa FM | 40 |
| ANN7 | 38 |
| Power FM | 35 |
| SABC 2 | 31 |
| Ikwekwezi FM | 27 |



| Publikasie | Artikels |
|------------------------------|----------|
| Landbouweekblad | 162 |
| Farmer's Weekly | 67 |
| Volksblad | 51 |
| Die Burger (Kaap – stedelik) | 48 |
| The Star | 37 |
| Pretoria News | 35 |
| Business Day (late final) | 34 |
| Mercury (first edition) | 34 |
| Business Report | 35 |
| Die Burger (Oos-Kaap) | 28 |

| Webblad | Artikels |
|---------------------|----------|
| Farming Portal | 162 |
| Landbouweekblad | 79 |
| Moneyweb | 56 |
| Business Ilve | 52 |
| IOL Business Report | 49 |
| Agriorbit | 45 |
| Farmer's Weekly | 36 |
| Netwerk24 | 33 |
| Fin24 | 32 |
| ProAgri | 26 |
| Polity.org | 20 |
| Times Live | 17 |



Hoe mededingend is ons graan- en oliesaadbedrywe in 'n globale konteks?

DIRK STRYDOM, bestuurder: Graanekonomie en Bemaking, Graan SA en
DIVAN VAN DER WESTHUIZEN, Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BFAP)

Globalisering word toenemend 'n realiteit: Nie net in industriële bedrywe nie, maar ook nader aan die huis – in die landboubedryf. Dit is alreeds duidelik sigbaar in die tempo waarteen konsolidering van insetmaatskappye plaasvind, maar nog meer belangrik in die direkte korrelasie tussen internasionale en plaaslike mark- en insetpryse.

Plaaslik vergelyk produsente reeds gewasse en streke deur middel van deelname aan studiegroepe en ekonomiese buro's om mededingendheid te bepaal. Die realiteit van die moderne era is dat plaaslike produsente nie meer hul boerderyaktiwiteite in isolasie kan bestuur nie, maar eerder in 'n globale omgewing, wat geassosieer kan word deur langtermyn-volhoubare en mededingende bestuurspraktyke.

Deel van hierdie benadering is om natuurlike hulpbronne meer produktief en effektief te benut. Die groot vraag is dus – gegewe hierdie internasionale speelveld, naamlik die wisselwerking van die vryemarkstelsel en beskikbaarheid van natuurlike hulpbronne – hoe mededingend is ons vergeleke met ons internasionale kompetisie?

Een van die faktore wat natuurlik 'n sleutelrol in mededingendheid speel, is die subsidies wat produsente in verskeie lande ontvang. Die wêreldvoorrade van graan en oliesade is tans aansienlik hoog – wat internasionale pryse afwaarts geforseer het en uiteindelik veroorsaak het dat winsmarges van produsente reg oor die wêreld onder hewige druk verkeer.

Die Amerikaanse regering het onlangs bekend gemaak dat hulle hul produsente met R96 miljard gaan ondersteun. Die hulp word verleen na aanleiding van die heersende lae pryse en om volhoubare landproduksie te verseker.

Nie net Amerika ontvang subsidies nie, maar ook ander lande wat landbouprodukte produseer. Om die mate van subsidies tussen lande te vergelyk, ondersoek die Organisasie van Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling (OECD) 'n maatstaf genaamd Produsente-ondersteuning-skatting (POS) wat ondersteuning aan produsente in persentasie kwantifiseer.

Daaruit kan afgelei word dat lande in die Europese Unie (EU) subsidies van so hoog soos 19,25% ontvang. Subsidies in 'n ekonomiese konteks kan nie altyd geregverdig word nie en word dikwels gesien as 'n onregverdige speelveld vir produsente wat internasionaal moet kompeteer.

Alhoewel hierdie tipe intervensies nie regtig binne die beheer van die produsent is nie, moet daar eerder gefokus word op dié

aspekte wat 'n boerderybesigheid oor die kort en lang termyn meer produktief, meer effektief en meer winsgewend kan maak.

Die beste vertrekpunt is om ons primêre bedrywe met sleutelkompeterende lande te vergelyk. Die Buro vir Voedsel en Landboubeleid (BFAP) behoort aan die internasionale netwerk, *agri benchmark*, wat 'n platform is om primêre bedrywighede, produksiestelsels en die ekonomie daaragter te verstaan en te vergelyk.

Die netwerk bestaan uit meer as 30 lande waar een standaard metodologie gebruik word om data in te samel en dit vergelykbaar te maak. Volgens die verslag is dit duidelik dat die plaaslike mielie-, koring- en sojaboonopbrengste onder dié van die internasionale gemiddeld is – buiten vir ons tipiese besproeiingsplaas (**Grafiek 1**, **Grafiek 2** en **Grafiek 5**).

Die laer opbrengste veroorsaak dat produksiekoste om 'n eenheid in tonnemaat te produseer hoër is as in lande met beter opbrengste (**Grafiek 3**, **Grafiek 4** en **Grafiek 5**). Byvoorbeeld: Die gemiddelde direkte koste vir 'n tipiese plaas in die Oos-Vrystaat tussen 2012 tot 2014 was \$107/ton mielies geproduseer teenoor \$97 in Indiana, Verenigde State van Amerika. Dit is egter belangrik om in ag te neem dat 'n reeksdroogte oor die somerreënvalgebied die afgelepe paar jare voorgekom het, wat tot laer opbrengste gelei het.


Die koste van kunsmis word tans as 'n groot uitdaging beskou siende dat dit in baie gevalle die enkel duurste insetveranderlike in verskeie graan- en oliesaadverbouings (ongeveer 40% van direkte koste) is.

Grafiek 6 en **Grafiek 7** illustreer duidelik dat Suid-Afrikaanse kunsmiskoste per eenheid van die duurste ter wêreld is. In die steekproef was stikstof die tweede duurste en fosfate die vierde duurste.


Die sleutelbydrae tot hoër kostes is dat Suid-Afrika 'n netto invoerder van kunsmis is. Ons word dus blootgestel aan 'n reeks internasionale en plaaslike prysfaktore – wat die hoër koste van vervoer, makro-ekonomiese volatiliteit soos die verswakking die wisselkoers en plaaslike opgerolde kostes in die waardeketting om kunsmis in die binneland te kry, insluit.

'n Verdere verswakking in die wisselkoers sal dus verder bydra tot hoër insetkoste.


In terme van bruto marges vir mielies is Suid-Afrika onder die internasionale gemiddeldes, maar plaaslike produksie is nie aan die onderkant van die spektrum nie. Die Suid-Afrikaanse produsent




Grafiek 1: Internasionale melieopbrengste.
Bron: agri benchmark en BFAP, 2016




Grafiek 2: Internasionale koringopbrengste.
Bron: agri benchmark en BFAP, 2016




Grafiek 3: Direkte koste vir melies: \$/ton mielies geproduseer.
Bron: agri benchmark en BFAP, 2016



Grafiek 4: Direkte koste vir koring: \$/ton koring geproduseer.
Bron: agri benchmark en BFAP, 2016



Grafiek 5: Direkte koste en opbrengste vir sojabone: \$/ton sojabone geproduseer.
Bron: agri benchmark en BFAP, 2016



Grafiek 6: Internasionale koste vir stikstof (plaashekprys): \$/kg.
Bron: agri benchmark en BFAP, 2016

Ons graan- en oliesaadbedrywe

doen nog steeds beter as in lande soos Brasilië en Argentinië – ten spyte van 'n reeks uitdagende jare geassosieer met droë omstandighede in veral die Vrystaat en Noordwes Provinsie.

Die laer plaaslike opbrengste, hoër kostes en laer marges impliseer nie dat ons produsente nie kompetend kan produseer nie. In vorige studies is alreeds bewys dat wanneer gekyk word na produktiwiteitsindikatore, soos die gebruik van kunsmis, presteer ons produsente goed in 'n internasionale konteks.

Wat egter krities is, is om produktiwiteitsvlakke en groei in opbrengste te handhaaf soos **Grafiek 10** aandui.

Die grafiek illustreer dat Suid-Afrika glad nie sleg vaar wat groei betref nie, maar dat dit ook noodsaaklik is om dit te handhaaf – veral in 'n omgewing geassosieer met dalende reële pryse. Daar is verder baie geleenthede vir groei in sojaboonopbrengste. Beter tegnologie, produksiemetodes en saadvariëteite het, en sal, 'n sterk bydrae tot groei in die komende dekade lewer.

Wat is nodig om Suid-Afrika meer mededingend te maak?

Ondersteuning en bystand is nodig in terme van volhoubaarheid, gepaard met pro-aktiewe bestuur soos in droogtegebeurtenisse, sodat die produsent kan bou op die reeds positiewe groei wat in die afgelope dekade getoon is.


Vir beleidsmakers is dit essensieel om te verseker dat produsente in 'n investeringsvriendelike omgewing besluite kan neem en funksioneer sodat voedselsekerheid en stabiliteit gehandhaaf kan word.

Verdere navorsing en ontwikkeling is belangrik om te verseker dat Suid-Afrika konstant beter groeitendense as die mededingers toon. Die rol van en samewerking tussen die regering en privaat maatskappye deur middel van vennootskappe is krities vir die voortgang van navorsing.


Die beskikbaarheid van nuwe tegnologie – spesifiek vir Suid-Afrikaanse omstandighede – is uiters belangrik om te verseker dat




Grafiek 7: Internasionale koste vir fosfaat (plaasheprys): \$/kg.
Bron: *agri benchmark* en BFAP, 2016



Grafiek 8: Internasionale bruto marges vir mielies: \$/ha.
Bron: *agri benchmark* en BFAP, 2016



Grafiek 9: Prestasie van wintergewasse: Internasionaal versus plaaslik.
Bron: *agri benchmark* en BFAP, 2016



Grafiek 10: Produktiwiteitsgroei in Suid-Afrika teenoor ander geselekteerde lande.
Bron: BFAP, 2016

TABEL 1: ONDERSTEUNING IN DIE VORM VAN SUBSIDIES AAN DIE ORGANISASIE VIR EKONOMIESE SAMEWERKING EN ONTWIKKELING (OESO)-LANDE.

| LAND | PRODUSENTE-ONDERSTEUNING-SKATTING (POS) | DRIE JAAR-GEMIDDELD |
|----------------------------|---|---------------------|
| Australië | % | 1,89 |
| Kanada | % | 9,65 |
| Europese Unie | % | 19,25 |
| VSA | % | 8,71 |
| OPKOMENDE EKONOMIEË | | |
| Brasilië | % | 3,33 |
| Rusland | % | 6,82 |
| Oekraïne | % | -6,13 |
| Suid-Afrika | % | 1,67 |

TABEL 2: DISAGGREGASIE VAN AREA EN OPBRENGSGROEI VIR MIELIES IN OOSTELIKE EN SUIDELIKE AFRIKA.

| | LAASTE DEKADE | | VOORUITSIGTE | | ABSOLUTE GROEI | |
|---------------|-----------------------------|--------------------------|-----------------------------|--------------------------|---------------------------------|------|
| | AREA-UITBREIDING % PER JAAR | OPBRENGSGROEI % PER JAAR | AREA-UITBREIDING % PER JAAR | OPBRENGSGROEI % PER JAAR | 2012 - 2014 GEMIDDELDE OPBRENGS | |
| Streekstotaal | 3,00% | 2,30% | 1,00% | 2% | 1,97 | 2,33 |
| Suid-Afrika | -0,90% | 4,90% | -0,80% | 3% | 4,24 | 5,33 |
| Zambië | 13,00% | 2,90% | 1,40% | 3% | 2,19 | 2,74 |
| Kenia | 3,20% | 1,10% | 1,60% | 2% | 1,70 | 1,95 |
| Tanzanië | 7,60% | 0,80% | 0,50% | 3% | 1,37 | 1,81 |
| Malawi | 1,00% | 9,50% | 0,80% | 2% | 2,19 | 2,66 |
| Mosambiek | 2,30% | 0,80% | 2,70% | 1% | 1,06 | 1,20 |
| DRK | 2,90% | 0,20% | 3,60% | 1% | 0,83 | 0,89 |
| Uganda | 5,40% | 4,80% | 1,80% | 3% | 2,50 | 3,12 |
| Zimbabwe | 1,40% | -1,40% | 0,20% | 2% | 0,68 | 0,84 |

groei in opbrengs plaasvind. Dit is een van die redes waarom die eindpuntantiemestelsel in Suid-Afrika so belangrik is.

Bemaking van 'n kommoditeit gaan in die toekoms 'n al hoe belangriker rol speel. Met beduidende kapitale investering kan 'n gewas met 1 t/ha gelig word en met goeie bemaking – en sodoende beter pryse wat gerealiseer word – kan tot 'n 3 t/ha-effek, in terme van 'n gelykbreeksom gesien word. Dit gaan dus belangrik wees om geld te spandeer aan bemaking.

Die effektiewe gebruik van insette gaan uiters belangrik wees. Dit beteken nie noodwendig om die goedkoopste insette te gebruik

nie. Normale ekonomiese produksiebeginsels, waar die inset vir die produsent die hoogste opbrengs teen die hoogste winsgrense lewer, sal weer oorweeg moet word. Dit wil sê: Kyk na die per eenheid-toediening wat die hoogste winste lewer.

Daar lê aansienlike potensiaal in die konteks van die nuwe era-boer om die produktiwiteitsgaping aan te spreek. Die regte kombinasie van kwaliteit insette soos saad en kunsmis, die korrekte bewerkingspraktyke en bestuur kan opbrengste – veral in tuislande – aansienlik verhoog. Dit is egter noodsaaklik dat plaaslike en deeglike ondersteuning aan hierdie boere gelewer word. ■

GRAIN MARKET

overview

– 11 November 2016

LUAN VAN DER WALT, economist: Grain SA and
MICHELLE MOKONE, economist: Grain SA



Outlook for the coming production season

South Africa is generally a net exporter of maize in a normal year. This means that under normal conditions South Africa is a surplus producer of maize and therefore exports more maize than it imports. During the 2014/2015 marketing season, South Africa imported a total of 65 000 tons of maize. This figure only refers to yellow maize as no white maize imports were needed.

During that same year, a total of 2,15 million tons were exported. The situation did, however, start to change with the effect of the drought experienced in 2015/2016 marketing year, which turned out to be the worst drought in 104 years. This placed a massive burden on the South African maize production. South Africa had become a net importer of maize in the 2015/2016 marketing season for the first time since 2008.

The effect of the drought had spilled over to the 2016/2017 marketing season and the total area planted for the 2016/2017 marketing season was 1 946 750 million ha. According to the final Crop Estimates Committee (CEC) production estimate for the season, the white maize production for the season is 3,25 million tons on 1,015 million ha – which gives an average yield of 3,21 t/ha.

The estimated yellow maize plantings for the 2016/2017 marketing season were 932 000 ha, with an estimated crop of 4,283 million tons and an average yield of 4,60 t/ha. According to the Grain SA supply and demand estimates, the estimated imports for both white and yellow maize for the 2016/2017 marketing season are 950 000 and 2,05 million tons respectively, while exports are estimated at 565 000 tons and 350 000 tons respectively.

Graph 1 provides an overview of historical maize plantings, which includes white maize and yellow maize over the past ten years, indicating the impact of the drought from 2015 to 2016. The five year average area of total maize planted, without considering the 2016 season since this was an outlier due to the drought, is 2,639 million ha.

New season expectations

In the National Crop Estimates Committee's first intention to plant report the estimated 2,463 million ha of total maize to be planted for the 2017/2018 marketing season shows an increase of $\pm 26,5\%$ from the previous season.

This includes the 43,4% increase in the white maize area as well as the 8,2% increase in the yellow maize area estimated to be planted for the upcoming season. The estimated plantings for the season

are, however, still lower than the five year average and only shows a slight increase from the previous season (Graph 1).

Given the above-mentioned intentions to plant maize for the coming season, it is important to consider the possible outcomes which can be expected given different scenarios during the season. The supply and demand estimates are a good indication of possible outcomes for the 2017/2018 marketing season.

Supply and demand scenarios

The supply and demand scenarios are compiled by determining the average yield for both white and yellow maize over the past ten years without considering the highest and lowest yields during this period – since they are seen as outliers.


The average yields realised over this period for white maize and yellow maize were 4 t/ha and 4,9 t/ha respectively. These were then used to determine the yields for an average season. The lower and higher yields that were used for this assumption were the averages of the yields below and above the average that remained in the equation as mentioned above.

Given a situation where there are possible lower than average yields for both white (3,4 t/ha) and yellow maize (4,6 t/ha) a total South African crop of 9,584 million tons is possible. This will, however, not be sufficient to meet the South African demand and in such a case South Africa is likely to remain a net importer of maize during 2017/2018 – with most of the imports being yellow maize.

In a normal year with average yields the total local production may reach up to 10,759 million tons. This could leave South Africa with a surplus of white maize – given the assumption that the white maize consumption remains relatively constant, while the yellow maize markets will still be dependent on imports for the season.

If high yield scenarios are likely for the coming season, the possibility could arise that South Africa might have a total crop of 11,845 million tons. This can result in a good break-even and even a small surplus situation. South Africa might be a net exporter of maize as no imports of white and yellow maize are likely to be needed to meet local demand.

During times of a surplus production of maize, more white maize is likely to be substituted in animal feeds rather than exported, due to the limited white maize consuming markets. The surplus of maize might then cause the prices to trade close to export parity levels (**Table 1**).



Graph 1: Total area planted to maize in South Africa.

*Intention to plant estimate

Source: Grain SA

Conclusion

There are, however, still a few uncertainties in the market ranging from weather forecasts to the macroeconomic environment – which can have a severe impact on the prices.

The recent rain that fell in large parts of the country's maize producing areas were sufficient for producers to start with plantings within the normal planting window – especially towards the eastern parts of the country. In the more western parts of the country there are still areas that need some rain in order to start planting, but it

is currently still a bit early in the season and they still have time in their normal planting window.

One important thing for producers is to identify the possible risks that may arise during the coming season, whether it is production or price-wise.

Once one knows what the possible risks are, one can start thinking of the different opportunities that arise when managing the manageable risks. Price risk can largely be managed by hedging or by means of diversification of crops. ■

TABLE 1: POSSIBLE SUPPLY AND DEMAND SCENARIOS FOR THE 2017/2018 MARKETING SEASON.

| MARKETING YEAR | WHITE MAIZE | | | YELLOW MAIZE | | |
|--|--------------------------------|----------------------------------|---------------------------------|--------------------------------|----------------------------------|---------------------------------|
| | 2017/2018** LOWER YIELDS | 2017/2018** AVERAGE YIELDS | 2017/2018** HIGHER YIELDS | 2017/2018** LOWER YIELDS | 2017/2018** AVERAGE YIELDS | 2017/2018** HIGHER YIELDS |
| *Area planted (x 1 000 ha) | 1 455 | 1 455 | 1 455 | 1 008 | 1 008 | 1 008 |
| **Yields (t/ha) | 3,4 | 4,0 | 4,4 | 4,6 | 4,9 | 5,4 |
| **Production (x 1 000 ton) | 4 947 | 5 820 | 6 402 | 4 637 | 4 939 | 5 443 |
| | ('000 ton) | ('000 ton) | ('000 ton) | ('000 ton) | ('000 ton) | ('000 ton) |
| Commercial supply | | | | | | |
| Opening stocks | 558 | 558 | 558 | 723 | 723 | 723 |
| ***Commercial deliveries | 4 862 | 5 735 | 6 317 | 4 292 | 4 594 | 5 098 |
| Imports | 120 | 0 | 0 | 1 710 | 820 | 0 |
| Total commercial supply | 5 540 | 6 293 | 6 875 | 6 725 | 6 137 | 5 821 |
| Commercial demand | | | | | | |
| Commercial consumption | 4 300 | 4 970 | 5 490 | 5 380 | 4 860 | 4 410 |
| Total RSA commercial consumption | 4 406 | 5 076 | 5 596 | 5 690 | 5 170 | 4 720 |
| Exports | 580 | 580 | 580 | 350 | 350 | 540 |
| Total commercial demand | 4 986 | 5 656 | 6 176 | 6 040 | 5 520 | 5 260 |
| Ending stocks (30 April 2018) | 554 | 637 | 699 | 685 | 618 | 562 |
| Pipeline requirements (1,5 months) | 538 | 621 | 686 | 673 | 608 | 551 |
| Surplus above pipeline | 17 | 16 | 13 | 13 | 10 | 11 |
| Ending stocks as % of RSA consumption | 13% | 13% | 12% | 12% | 12% | 12% |

*CEC first intentions to plant estimates

**Estimated yield and production possibilities for the 2017/2018 marketing season

***Includes deductions of estimated retentions

Disclaimer

Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the use of this information.

INSET

-oorsig



CORNÉ LOUW, senior ekonoom: Graan SA

Belangrike ekonomiese aanwysers en insetprystendense vir 2016

die volatiliteit van die rand was in 2016 'n hoogtepunt, óf 'n laagtepunt – afhangend hoe 'n mens daarna kyk. Een ding is seker en dit is dat volatiliteit besluitneming bemoeilik.

Alhoewel die rand vanaf Oktober 2015 tot Oktober 2016 slegs met 3,1% verswak het, weerspieël dit nie die ware prentjie nie. **Grafiek 1** toon die daaglikse volatiliteit van die geldeenheid teenoor die VSA-dollar oor 'n jaartydperk.

Oor hierdie tydperk het die waarde van die rand in 'n band van tussen R13/\$ en R17/\$ beweeg, met R13,08 die sterkste vlak en R16,88 die swakste. Dit weerspieël 'n beweging van 29% tussen die sterkste en swakste vlakke.

Omdat die meeste van Suid-Afrika se produksie-insette ingevoer word, speel die waarde van die rand 'n beduidende rol in die prysvorming van plaaslike insette. Ongeveer 80% van die land se kunsmisbehoefte, alle aktiewe bestanddele vir landbouchemikalieë en die meeste landboumasjinerie (veral trekkers en stropers) word hoofsaaklik ingevoer. Sels brandstofpryse (wat geregleer word) word op invoerpariteit gebaseer. Alhoewel ons saadtegnologie (soos GMO's) ingevoer word, word die meeste saad ten minste plaaslik vermeerder.

Tabel 1 toon die prysbewegings in van die belangrikste ekonomiese- en insetprysaanwysers in 2016.

Produksieprysindeks

Die produksieprysindeks (PPI) dui die prysstygings van goedere en dienste op die groothandels- of vervaardigingsvlak in die ekonomie aan. Op 'n jaargrondslag het die produksieprysindeks tot September 2016 met 6,6% gestyg. Die PPI vir landbou het op 'n jaar op jaargrondslag met 12,2% toegeneem, terwyl die PPI vir graanprodukte met 16,2% gestyg het.

Verbruikersprysindeks

Die amptelike inflasiekoers word op die basis van veranderinge in die verbruikersprysindeks bereken en dui kosteveranderinge op die kleinhandels- of verbruikersvlak aan. Die inflasiekoers het in September 2016 op 'n jaargrondslag met 6,1% gestyg. Voedselinflasie het oor dieselfde periode met 11,6% gestyg. In hierdie mandjie van voedsel het brood en grane met 16,6% toegeneem, terwyl vleis met 5% gestyg het. Olies en vette het met 15,5% toegeneem, terwyl groente en vrugte oor dieselfde tydperk met onderskeidelik 14% en 25% gestyg het.

Wisselkoerse

In Tabel 1 word 'n verstewiging in die waarde van die rand teenoor ander geldeenhede as 'n positiewe verandering aangedui, terwyl 'n verswakking as 'n negatiewe persentasieverandering aangetoon word. Die rand het op 'n jaargrondslag tot Oktober 2016 met onderskeidelik 3,1% en 1,3% teenoor die dollar en die euro verswak, terwyl die rand 17,2% teenoor die pond versterk het.

Rentekoerse


Op 'n jaargrondslag tot Oktober 2016 het die Reserwebank die bankkoers met 100 basispunte of een persentasiepunt na 7% verhoog. Handelsbanke het die prima uitleenkoers ook met 100 basispunte na 10,50% verhoog.

Internasionale ruoliepryse

Die gemiddelde Brent-ruolieprys het vanaf Oktober 2015 tot Oktober 2016 met 3,8% vanaf \$49,50 per vat na \$51,40 per vat toegeneem. Die ruolieprys in randterme het op 'n jaargrondslag tot en met Oktober 2016 met 7,1% tot R716 per vat gestyg.

Brandstofpryse

Die plaaslike groothandelprijs van diesel in Gauteng het met 2% vanaf R10,94 per



Grafiek 1: Rand/dollar-wisselkoers.

liter in Oktober 2015 tot R10,72 per liter in Oktober 2016 gedaal. Die werklike brandstofkoste het in Oktober slegs 47% van die finale groothandelsprys van diesel uitgemaak. Dit wil sê 53% is opgemaak deur heffings en belasting.

Oor 'n jaartydperk het die gelande koste van diesel met 10,6% gedaal, terwyl belasting met 12,5% toegeneem het en die groot-handelsmarge dieselfde gebly het.

Die dieselskorting is tans 262 sent per liter, terwyl dit verlede jaar 250 sent per liter was. Die dieselskorting bestaan uit die 154 sent per liter van die Padongelufsfondsheffing en 108 sent per liter van die belastingkomponent.

Internasionale kunsmispryse

Alle internasionale pryse van kunsmisgrondstowwe het vanaf Oktober 2015 tot Oktober 2016 skerp gedaal. Die pryse van DAP,

ureum, ammoniak en kaliumchloried het onderskeidelik met 25%, 20,2%, 63,8% en 23,5% gedaal.

Plaaslike kunsmispryse

Omdat Suid-Afrika om en by 80% van sy behoefte aan kunsmis moet invoer, is plaaslike kunsmispryse blootgestel aan dieselfde faktore as in die internasionale mark.

Met die volatiliteit in die wisselkoers gedurende die tydperk onder bespreking en die feit dat die rand die grootste gedeelte van die jaar swakker was vergeleke met 'n jaar gelede, het plaaslike pryse tot 'n mindere mate as internasionale pryse gedaal.

Die gemiddelde pryse van MAP, ureum, KAN en kaliumchloried het oor 'n jaarperiode tot en met Oktober 2016 met onderskeidelik 9,6%, 16,5%, 12,7% en 12,9% gedaal.

TABEL 1: BELANGRIKE EKONOMIESE AANWYSERS VIR INSETPRYSE.

| AANWYSERS | | OKT 2011 | % | OKT 2012 | % | OKT 2013 | % | OKT 2014 | % | OKT 2015 | % | OKT 2016 | % |
|--------------------------------------|------------|----------|-------|----------|-------|----------|-------|----------|-------|----------|-------|----------|-------|
| Produksieprysindeks (PPI) | Indeks | 212,20 | 10,6 | 101,70 | 5,2 | 108,10 | 6,3 | 115,30 | 6,7 | 119,10* | 3,6 | 127,00 | 6,6 |
| Amptelike inflasiekoers (VPI) | Indeks | 94,20 | 6,0 | 99,50 | 5,6 | 105,00 | 5,5 | 111,20 | 5,9 | 116,10* | 4,6 | 123,20 | 6,1 |
| Wisselkoerse** | | | | | | | | | | | | | |
| Rand/dollar | R/\$ | 7,96 | -15,6 | 8,64 | -8,6 | 10,05 | -16,3 | 11,07 | -10,2 | 13,51 | -22,1 | 13,93 | -3,1 |
| Rand/pond | R/£ | 12,54 | -14,3 | 13,95 | -11,2 | 15,95 | -14,3 | 17,66 | -10,7 | 20,73 | -17,4 | 17,16 | 17,2 |
| Rand/euro | R/E | 10,91 | -13,4 | 11,25 | -3,2 | 13,51 | -20,1 | 14,03 | -3,8 | 15,15 | -8,0 | 15,35 | -1,3 |
| Rentekoerse*** | | | | | | | | | | | | | |
| Bankkoers/terugkoopkoers | % | 5,50 | -0,5 | 5,00 | -0,5 | 5,00 | 0,0 | 5,75 | 0,8 | 6,00 | 0,25 | 7,00 | 1,0 |
| Prima koers | % | 9,00 | -0,5 | 8,50 | 8,5 | 8,50 | 0,0 | 9,25 | 0,8 | 9,50 | 0,25 | 10,50 | 1,0 |
| Ruolieprys | \$/vat | 109,32 | 31,8 | 111,83 | 2,3 | 109,30 | -2,3 | 87,89 | -19,6 | 49,50 | -43,7 | 51,40 | 3,8 |
| | R/vat | 869,66 | 52,3 | 966,33 | 11,1 | 1 098,10 | 13,6 | 972,69 | -11,4 | 668,75 | -31,2 | 716,00 | 7,1 |
| Brandstofpryse | | | | | | | | | | | | | |
| Dieselprys (groothandel) | Sent/liter | 965,45 | 31,3 | 1 133,75 | 17,4 | 1 260,05 | 11,1 | 1 246,39 | -1,1 | 1 093,97 | -12,2 | 1 071,87 | -2,0 |
| Gelandede koste | Sent/liter | 627,63 | 47,1 | 742,63 | 18,3 | 831,63 | 12,0 | 805,63 | -3,1 | 565,63 | -29,8 | 505,63 | -10,6 |
| Belasting | Sent/liter | 162,50 | 6,6 | 182,50 | 12,3 | 197,50 | 8,2 | 209,50 | 6,1 | 240,00 | 14,6 | 270,00 | 12,5 |
| Groothandelsmarge | Sent/liter | 53,86 | 5,9 | 52,50 | -2,5 | 58,00 | 10,5 | 61,20 | 5,5 | 64,70 | 5,7 | 64,70 | 0,0 |
| Dieselskorting | Sent/liter | 142,00 | 9,2 | 158,00 | 11,3 | 175,00 | 10,8 | 187,80 | 7,3 | 250,00 | 33,1 | 262,00 | 4,8 |
| Petrolprys | Sent/liter | 1 054,00 | 29,8 | 1 220,00 | 15,7 | 1 330,00 | 9,0 | 1 361,00 | 2,3 | 1 261,00 | -7,3 | 1 260,00 | -0,1 |
| Paraffienprys | Sent/liter | 729,41 | 40,2 | 867,03 | 18,9 | 970,23 | 11,9 | 957,23 | -1,3 | 711,83 | -25,6 | 669,63 | -5,9 |
| Internasionale kunsmispryse | | | | | | | | | | | | | |
| DAP (v.a.b. VSA Golf) | \$/ton | 627,00 | 9,9 | 536,88 | -14,4 | 365,83 | -31,9 | 412,00 | 12,6 | 440,00 | 6,8 | 330,00 | -25,0 |
| Ureum (v.a.b. Oos-Europa) | \$/ton | 505,88 | 41,7 | 430,75 | -14,9 | 311,00 | -27,8 | 335,00 | 7,7 | 253,00 | -24,5 | 202,00 | -20,2 |
| Ammoniak (v.a.b. Midde-Ooste) | \$/ton | 565,00 | 38,7 | 688,13 | 21,8 | 437,83 | -36,4 | 591,00 | 35,0 | 447,00 | -24,4 | 162,00 | -63,8 |
| Kaliumchloried (v.a.b. Oos-Europa) | \$/ton | 481,67 | 30,9 | 466,11 | -3,2 | 343,33 | -26,3 | 301,00 | -12,3 | 285,00 | -5,3 | 218,00 | -23,5 |
| Plaaslike kunsmispryse | | | | | | | | | | | | | |
| MAP | R/ton | 7 839,00 | 19,6 | 8 003,33 | 2,1 | 7 661,33 | -4,3 | 8 365,33 | 9,2 | 9 857,00 | 17,8 | 8 908,00 | -9,6 |
| Ureum (korrel) | R/ton | 6 634,67 | 52,7 | 5 941,67 | -10,4 | 5 952,33 | 0,2 | 6 311,67 | 6,0 | 6 382,00 | 1,1 | 5 329,00 | -16,5 |
| KAN | R/ton | 4 992,00 | 37,4 | 4 773,50 | -4,4 | 4 861,50 | 1,8 | 5 377,00 | 10,6 | 5 688,00 | 5,8 | 4 968,00 | -12,7 |
| Kaliumchloried | R/ton | 6 578,00 | 21,1 | 6 768,00 | 2,9 | 6 861,33 | 1,4 | 6 972,00 | 1,6 | 7 341,00 | 5,3 | 6 391,00 | -12,9 |
| Saadpryse | | | | | | | | | | | | | |
| Mielies | Indeks | 309,41 | 6,0 | 328,91 | 6,3 | 351,93 | 7,0 | 371,29 | 5,5 | 392,08 | 5,6 | 419,13 | 6,9 |
| Graansorghum | Indeks | 387,76 | 7,0 | 420,33 | 8,4 | 496,41 | 18,1 | 585,76 | 18,0 | 645,51 | 10,2 | 699,09 | 8,3 |
| Sonneblomsaad | Indeks | 292,95 | 4,0 | 303,79 | 3,7 | 347,23 | 14,3 | 366,67 | 5,6 | 390,87 | 6,6 | 419,79 | 7,4 |
| Sojabone | Indeks | 342,32 | 6,0 | 375,18 | 9,6 | 412,32 | 9,9 | 435,00 | 5,5 | 459,36 | 5,6 | 491,52 | 7,0 |
| Trekkerpryse | Indeks | 261,32 | -1,2 | 282,49 | 8,1 | 331,92 | 17,5 | 367,44 | 10,7 | 386,91 | 5,3 | 462,74 | 19,6 |
| Trekkerverkope: Jaar tot Okt | Eenhede | 6 286,00 | 45,7 | 7 011,00 | 11,5 | 5 815,00 | -17,1 | 5 634,00 | -3,1 | 5 877,00 | 4,3 | 5 053,00 | -14,0 |

*September 2016 gebruik

***'n Negatiewe persentasie dui 'n verswakking aan, terwyl 'n positiewe persentasie 'n versterking aandui

***Persentasieverskil tussen koerse (persentasiepunte) en nie persentasieverandering nie

Afrika mieliestamboorder

deeglik gemonitor vir oorlewing op Bt-mielies

ANNEMIE ERASMUS, LNR- Instituut vir Graangewasse, Potchefstroom

Bt-mielies, wat geneties gemodifiseer is om die Afrika-mielie-stamboorder (*Busseola fusca*) te beheer, word alreeds sedert 1998 in Suid-Afrika geplant. Bt-mielies wat 'n enkelgeen (Bt1) bevat, is vir die eerste keer in die Vaalharts-besproeiingskema geplant.

Hierdie enkelgeen-Bt-mielie is met groot sukses geplant en het die Afrika-mieliestamboorder vir sowat agt jaar beheer voordat die eerste tekens van weerstand in 2006 in die Vaalhartsbesproeiingskema gerapporteer is.

Daar is verskeie redes waarom weerstand ontwikkel het, waarvan die belangrikste is dat die aanplanting van die nie-Bt-toevlugsoord nie na wense was nie en tweedens dat die uitdrukking van die Bt-geen nie hoog genoeg was om larwes ten volle te beheer nie.

Dit was vir Suid-Afrika 'n groot leerskool en het ons opnuut laat beseef wat die waarde van *base line*-data is en om mieliestamboorders pro-aktief te monitor. Indien daar elke jaar 'n Afrika-mielie-stamboorderpopulasie van Vaalharts gemonitor was, sou daar vroegtydig waarskuwingstekens gewees het – om sodoende weerstandsontwikkeling te kon voorkom of ten minste uit te stel.

Eers nadat Bt-weerstand gerapporteer is, is daar gekyk na 'n Bt-plaasvervanger vir weerstand. Daar is dus kosbare tyd gemors, aangesien die bron van weerstand alreeds getoets kon gewees het indien daar data beskikbaar sou wees. In 2011 is daar 'n dubbelgeen (Bt2) Bt-mielie vrygestel wat wel weerstandbiedende larwes kan beheer.

Hierdie dubbelgeen Bt-mielie word vir die afgelope vyf jaar in Suid-Afrika aangeplant – met nog geen teken van weerstandsontwikkeling nie.

In **Grafiek 1** is die Bt-weerstandsvlakke van die Afrika-mieliestamboorderpopulasie wat jaarliks vanaf 2012 tot 2016 in Vaalharts versamel is, aangebring. Hierdie populasie is elke jaar in laboratoriumstudies teen beide Bt-mielies – die enkel- en dubbelgeen – wat kommersieel in Suid-Afrika beskikbaar is, getoets.

Uit die grafiek is dit duidelik dat die larwale oorlewing op die enkel-Bt-geen dieselfde tendens het as larwes wat op die nie-Bt-kontroleplante oorleef nadat larwes vir sewe dae gevreet het. Daarom kan die gevolgtrekking gemaak word dat die Afrika-mieliestamboorder nog steeds weerstand in Vaalharts toon.

Die oorlewing van larwes op die enkel-Bt-geen neem jaarliks toe, maar daar is nog geen bewys dat oorlewing op die dubbel-Bt-geen toeneem nie. Die larwale oorlewing op die dubbel-Bt-geen is tussen 0% tot 10% na sewe dae, maar geen oorlewing is waargeneem na 14 dae nie. Hieruit kan dus afgelei word dat daar geen teken van weerstand teen die dubbelgeen in Vaalharts sigbaar is nie.

Dit is ook belangrik om nie net te kyk na wat oor tyd gebeur nie, maar ook om soveel as moontlik Afrika-mieliestamboorderpopulasies per seisoen te monitor wat in Suid-Afrika teenwoordig is waar mielies geproduseer word.

In **Grafiek 2** is die resultate van elf verskillende populasies wat op tien verskillende lokaliteite versamel en in laboratoriumstudies getoets is. Die regstellende persentasie mortaliteit van elke populasie is bereken deur larwes op die enkel- sowel as die dubbel-Bt-geen te laat vreet. Uit die grafiek kan afgelei word dat daar in die verskillende areas in Suid-Afrika 'n groot variasie in oorlewing op die enkel-Bt-geen is.

Daar kan dus gesê word dat daar in sekere areas in Suid-Afrika nog steeds met die enkel-Bt-geen beheer oor die Afrika-mieliestamboorder is, maar nie in ander areas nie. Dit is egter uit hierdie grafiek duidelik dat die dubbel-Bt-geen nog effektief teen die Afrika-mieliestamboorder is – met 'n 100%-mortaliteit na 26 dae.

Slegs 0% tot 20% mortaliteit is vir die Vaalharts-, Grootpan- en Potchefstroompopulasies op die enkel Bt-geen (Grafiek 2) bereken. Geen van die populasies wat getoets is, het weerstand teen die dubbel-Bt-geen getoon nie.


Die waardetoevoeging wat pro-aktiewe monitering Suid-Afrika bied, kan na aanleiding hiervan nie oorbeklemtoon word nie. Deur populasies van die Afrika-mieliestamboorder te monitor, kry produsente 'n goeie idee of larwes in hulle gebied die vermoë het om op Bt-mielies te oorleef of nie.

Sodoende word die weerstandsvlakke van elke seisoen bepaal om voorbereiding vir 'n volgende seisoen te vergemaklik. Die jaarlikse resultate gee ook 'n aanduiding of daar tekens van weerstandsontwikkeling is of nie. Sodoende kan vroegtydig opgetree word indien weerstand in die veld waargeneem word.


Deur hierdie tipe data jaarliks te genereer, voorkom ons om dieselfde foute te begaan as met die enkel-Bt-geen. Hierdie data ondersteun Suid-Afrika om nie weer onverwags betrap te word met Bt-weerstand nie. Die gevolgtrekking hieruit is dat dit belangrik is om te weet wat die weerstandsvlakke in jou omgewing is.



▲ Die Afrika-mieliestamboorder.



Grafiek 1: Afrika-mieliestamboorder: Oorlewing van 'n Vaalhartspopulasie oor tyd (jare).



Grafiek 2: Mortaliteit van verskillende Afrika-mieliestamboorderpopulasies.

Sou 'n produsent weet daar is tekens van weerstand in die omgewing, kan daar nou voorkomend gespuit word of eerder gebruik gemaak word van 'n Bt-geen wat daarvoor bekend is dat dit weerstandbiedende larwes beheer. Die noodsaaklikheid daarvan om 'n nie-Bt-toevlugsoord te plant kan nie oorbeklemtoon word nie. Deur die nie-Bt-toevlugsoord te plant word weerstandsontwikkeling uitgestel en selfs verhoed.

Wat is 'n hoëdosistoeflugsoord en hoe word dit geplant?

Die hoëdosistoeflugsoordstrategie is gebaseer op die kombinasie van Bt-mielies wat hoë dosisse Bt produseer, met die nabyheid van nie-Bt-mielies as 'n toeflugsoord. Die voorstel van die hoëdosistoeflugsoordstrategie is om soveel as moontlik van die stamboorders te dood. Die voorstel van die toeflugsoord is om stamboorders te produseer wat op nie-Bt-mielies oorleef. Die doel is om seker te maak dat 'n skaars weerstandbiedende stamboorder wat op Bt-mielies oorleef, nie totale weerstandbiedende nakomelinge produseer deur met ander weerstandbiedende stamboorders te paar nie.

Vatbare stamboorders wat op die nie-Bt-toeflugsoord oorleef, is intendeel veronderstel om te paar met die weerstandbiedende individue wat op die Bt-mielies oorleef. Daar word verwag dat die nakomelinge van die paring 'n lae tot matige vlak van Bt-weerstand sal hê en nie die vermoë sal hê om op mielies met hoë Bt-vlakke te oorleef nie.

Daar is sekere voorgeskrywe riglyne wat gevolg moet word indien die produsent Bt-mielies plant. Daar is twee opsies wat gevolg kan word: 'n 5%-toeflugsoord van nie-Bt-mielies waar stamboorders nie chemies beheer mag word nie of 'n 20%-toeflugsoord van nie-Bt-mielies waar stamboorders wel chemies beheer mag word.

Indien die 5%-opsie toegepas word, moet die produsent 5 ha nie-Bt-mielies en 95 ha Bt-mielies vir elke 100 ha mielies plant. In die geval van die 20%-opsie moet die produsent 20 ha nie-Bt-mielies en 80 ha Bt-mielies vir elke 100 ha mielies plant.

Vir verdere inligting of om vas te stel of daar weerstand in jou area is, kan Annemie Erasmus by 018 299 6113 of ErasmusA@arc.agric.za gekontak word. ■



INSET-OORSIG

Saadpryse

Saad maak ongeveer 12% van 'n graan- en oliesadeprodusent se lopende produksiekosterekening uit. Vir die 2016/2017-produksieseisoen het mieliesaad met gemiddeld 6,9%, graansorghumsaad met 8,3%, sonneblomsaad met 7,4% en sojaboonsaad met 7% gestyg.

Trekkerpryse

In Oktober 2016 was die pryse van trekkers 19,6% hoër as die oorstemmende tydperk twaalf maande gelede. Die volatilititeit en algemene verswakking in die waarde van die rand teenoor die geldeenheede van Suid-Afrika se vernaamste handelsvennote was die hoofsaaklike rede vir hierdie prysstyging.

Trekkerverkope

Vir 2016 het trekkerverkope tot en met Oktober met 14% vergeleke met dieselfde periode in 2015 gedaal. In hierdie tien maandetydperk verlede jaar is 5 877 eenhede verkoop, terwyl trekkerverkope vir 2016 op 5 053 eenhede staan.

Dié laer verkope kan hoofsaaklik aan die droogtetoestande, uitdagende finansiële omstandighede en uitermatig hoër trekkerpryse toegeskryf word. ■



Graan SA/Sasol fotokompetisie



stronkboorder geskroef

- Vinnige uitklopaksie stop voeding onmiddellik met geen verdere gewasskade
- Lang nawerking verseker effektiewe beheer met minder toedienings
- Beheer alle lewensstadia van stronkboorder – eiers, larwes en motte

AMPLIGO®. Die slim keuse vir die beheer van mielie stronkboorders



LEES DIE ETIKET VAN ELKE PRODUK VIR VOLLEDIGE BESONDERHEDE.
AMPLIGO® bevat chloorantraniliproof en lambda-sihalotrien (Reg. Nr. L8685, Wet Nr 36 1947) SKADELIK.
Syngenta Suid Afrika, Privaatsak X60, Halfway House, 1685. Tel: 011 541 4000. www.syngenta.co.za
Alle geïllustreerde produkte is geregistreerde handelsmerke van 'n Syngenta Group Maatskappy.





Kultivarevaluasie: Aanvulling van data met strookproewe

PETRU FOURIE, navorsingskoördineerder en produksiekoste-analis: Graan SA

Om akkurate data oor die geskiktheid en opbrengste van verskillende mieliekultivars in te samel, word daar tans slegs klein statistiese proewe deur die LNR-Instituut vir Graangewasse (LNR-IGG) aangeplant. Daar het egter 'n behoefte onder verskeie rolspeleers ontstaan om hierdie bestaande klein statistiese kultivarproewe met strookproewe aan te vul wat die beskikbaarheid van data in verskeie produksiestreke kan verbeter.

Graan SA is daarvan bewus dat daar reeds verskeie strookproewe deur produsente of boereverenigings geïnisieer en aangeplant word.

Die doel van hierdie inisiatief is om strookproefdata wat deur produsente ingesamel word, op 'n nasionale vlak te integreer, te verwerk en dié resultate tot voordeel en ondersteuning van die nasionale kultivarproewe en die graanprodusente te gebruik.

Wat natuurlik 'n uitdaging is, is dat daar soveel verskillende kultivars is en elke produsent/boerevereniging soms net spesifieke kultivars wil toets. Die idee is dus om uiteindelik alle bestaande proewe se resultate, wat in die verskillende graanproduserende gebiede aangeplant word, na een sentrale punt te allokereer en 'n platform daar te stel waar verskillende proefdata deur produsente besigtig kan word.

Graan SA is in 'n proses om 'n protokol saam met die saadmaatskappye op te stel alhoewel dit eers volgende seisoen in werking gestel sal word. Dit sal uiteindelik help om data deur 'n standaard protokol en formaat in te samel, te verwerk en aan te bied.

Waar daar streke met 'n tekort aan proewe is, sal Graan SA die vestiging van nuwe proewe sover moontlik assisteer en saadmaat-

skappye se deelname bevorder. Ons sal dit waardeer indien produsente intussen self met die saadmaatskappye kan kommunikeer en reëlings tref, maar ons is meer as bereid om kontak met van die saadmaatskappye te maak en reëlings te tref waar jy vashaak of daar nie deelname is nie.

Fokuspunte en verloop van proses


Die volgende aksies word vir die 2016/2017-produksieseisoen beplan:

- Bewusmaking van strookproefdata-insameling onder produsente/boereverenigings.
- Bevordering van produsente se deelname met die insameling van proefdata.
- Die skep van 'n platform (deur Graan SA) waar die ingevorderde data van verskillende streke besigtig kan word.
- Die voltooiing van 'n protokol deur Graan SA en saadmaatskappye – identifikasie van kultivars wat in die verskillende streke ingeskryf moet word.
- Graan SA sal dit waardeer indien jy ons in kennis kan stel van strookproefkultivarnavorsing wat reeds deur julle as boerevereniging gedoen word en wat julle met ons sal deel.

Aksies beplan vir die 2017/2018-produksieseisoen:

- Produsente neem deel aan die gestandaardiseerde strookproef-uitleg om kultivarevaluasies op strookproefformaat te analiseer.

Indien enige van die bogemelde onduidelik is of indien jy meer inligting benodig, kontak Petru Fourie by 012 816 8048 of petru@grainsa.co.za. Indien jy met die LNR-IGG, wat die statistiese proewe aanplant, kontak wil maak, kan jy mnr Dirk Bruwer by BruwerD@arc.agric.za kontak. ■



► 1 tot 3: Strookproewe wat by Tony da Costa (Delmas) aangeplant is.

Hoëveld ideaal vir geenbewerking

ANDRÉ NEL, onafhanklike akkerboukundige en HENDRIK SMITH, bewaringslandboufasiliteerder: Graan SA

Te oordeel aan die bevindings van 'n omvattende internasionale studie is die Hoëveldklimaat, waarbinne die somersaaigebied lê, besonder gunstig vir opbrengsverhogings met geenbewerking. Om sukses met geenbewerking te behaal, moet dit nie in isolasie toegepas word nie, maar saam met twee praktyke van bewaringslandbou, te wete die behoud van 'n deklaag van oesreste en die toepassing van wisselbou.

Akkerboukundige handboeke van sowat 90 jaar gelede het grondbewerking as 'n vereiste vir suksesvolle gewasproduksie beskryf. Die hoofdoel was om die grond los te maak (*to pulverise the soil*). Grond word ook bewerk om gewasreste in te werk, onkruid te vernietig, kompaksie en grondkorse op te hef, die waterinfiltrasietempo tydelik te verhoog en chemikalieë soos kunsmis en kalk in te werk.

Intussen is bevind dat bewerking wat die grond losmaak verskeie ernstige nadelige gevolge het. Die eerste nadelige gevolg is die vernietiging van grondkoolstof – wat onmiddellik 'n afname of vernietiging van die grond se struktuur en aggreagaatstabiliteit meebring.

Die resultaat hiervan is onder andere 'n skerp afname in die grond se infiltrasie- en waterhouvermoë, asook 'n toename in waterafloop en die grond se erosietempo – wat in die meeste gevalle onder graanverbouing in Suid-Afrika die grondvormingstempo ver oortref.

Die uiteindelijke nadelige gevolg is 'n afname in die kwaliteit of gesondheid van die grond weens die versteuring van die grond se ekologie. Eenvoudig gestel verloor die grond sy vermoë om self te herstel, te verbeter en vrugbaar te bly – en dus 'n ononderhandelbare deel van sy produktiwiteit.

Een van die resultate hiervan is 'n verhoging in die voorkoms van plaë en siektes wat gewoonlik ongesiens die produktiwiteit van gewasse benadeel. Kortom is besef dat bewerking, ten spyte van die praktiese voordele wat dit inhou, die langtermynvolhoubaarheid van graanproduksie ernstig ondermyn.

Sommige landbouers het tot die besef gekom dat geenbewerking (of minimale grondversteuring) al manier is om dié ondermyningsproses om te keer, die grond te bewaar, te verbeter en volhoubare graanproduksie te bevorder. Weens die toegewyde ywer van dié landbouers het bewaringsbewerking eers die lig gesien – en meer onlangs bewaringslandbou met geenbewerking (of minimum grondversteuring) – as een van drie beginsels wat saam toegepas word.

Die strewe na volhoubaarheid in die landbou het só toegeneem dat bewaringslandbou tans op 'n geskatte 157 miljoen ha wêreldwyd toegepas word. In Suid-Afrika word ongeveer 1,75 miljoen ha grond deur bewaringslandbou benut, waarvan die grootste gedeelte in die Wes-Kaap en KwaZulu-Natal is (rondom 80%), terwyl gemiddeld rondom 20% van produsente in die Hoëveld dit toepas.

Geenbewerking op sigself het bewese besigheidsvoordele indien dit met tradisionele bewerking van die grond vergelyk word. Die belangrikste voordeel is dat geenbewerking 'n aansienlik kleiner belegging in en bedryfskoste van trekkers en implemente vereis.

Die belegging in trekkers is gewoonlik minder as 50% van die belegging in trekkers vir konvensionele bewerking. Vir 'n groot

persentasie produsente is die belangrikste oorweging in die oorskakeling na geenbewerking geleë in die besparings.

Die vraag waarmee hierdie produsente aanvanklik worstel, is hoe die graanopbrengs en ekonomie van gewasse gaan verander teenoor dit wat met konvensionele bewerking behaal word. Gaan dit dieselfde bly, verhoog, of kan 'n laer opbrengs en winsgewendheid verwag word?

Vir die ekonomiese voortbestaan van die produsent is hierdie vraag krities, want dikwels word geenbewerking as besparingsmaatreël geopper sonder dat 'n uitspraak oor die verwagte opbrengs- of winsverandering gemaak word.

Plaaslike navorsing oor wat met graanopbrengste gebeur indien van konvensionele grondbewerking na geenbewerking oorgeskakel word, is onvoldoende. In 2015 is 'n plaaslike studie gedoen wat aandui dat konvensionele landbou se winsgewendheid oor die volgende dekade in duie gaan stort, terwyl bewaringslandbou die vermoë het om graanverbouingstelsels weer te stabiliseer en winsgewend te maak (Blignaut *et al.*, 2015).

Gedurende 2015 het 'n groep internasionale landboukundiges 'n studie voltooi en gepubliseer waarin die opbrengsresultate van 678 geenbewerkingstoele wat in 63 lande uitgevoer is, saamgevat word (Pittelkow *et al.*, 2015). Die gevolgtrekkings van dié studie is uiters interessant, bevestig sekere vermoedens en is besonder bemoedigend vir graanproduksie in die Hoëveldklimaatstreek.

Die eerste bevinding is dat omgewingsfaktore die opbrengs van geenbewerkte – in vergelyking met konvensioneel-bewerkte – gewasse sterk beïnvloed. Geenbewerking, in vergelyking met konvensionele bewerking, kan gevolglik onder bepaalde omstandighede tot 'n opbrengsverhoging aanleiding gee, elders geen verandering meebring nie of in ander omstandighede tot 'n daling lei. Die omstandighede waarna hier verwys word, is die geografiese ligging en klimaat.

Volgens die studie is die opbrengste van geenbewerkte gewasse in die nat semi-humiede klimaatstreke van die trope gewoonlik laer as dié van konvensioneel-bewerkte gewasse. In die droë semi-ariëde klimaatstreke van die subtropie daal opbrengste nie, maar is dit gelyk aan of hoër as opbrengste met konvensioneel-bewerkte gewasse weens, onder andere, die verbetering in die onderskepping, bewaring en gebruik van reënwater.

Hierdie bevinding is goeie nuus vir die Hoëveldklimaatstreek waar die meeste van ons mielies verbou word.

Die hele somersaaigebied is in die subtropie geleë en die klimaat is droog – dit wil sê die gemiddelde jaarlikse evapotranspirasie is meer as twee keer die jaarlikse gemiddelde reënval. Water, of dan reën, is die belangrikste opbrengsbeperkende faktor vir graanverbouing in dié gebied.

Sommige bronne beskryf die klimaat as semi-ariëd terwyl ander die oostelike Hoëveld as "droog semi-humied" beskryf. Uit 'n geografiese en klimatologiese oogpunt beskou, kan ons dus verwag dat gewasse – waarskynlik met uitsonderings – beter onder geenbewerking as onder konvensionele bewerking gaan presteer.

Van ons eie navorsingsresultate, wat meestal deur die Mielietrust befonds en op plase gedoen is, bevestig hierdie bevinding.



▲ 1: Geenbewerking moet nie in isolasie toegepas word nie. Saam met 'n deklaag van oesreste en wisselbou word dit as bewaringslandbou beskou.
Foto: André Nel

▲ 2: Die integrasie van dekgewasse en vee bevorder die holistiese toepassing van bewaringslandboustelsels op die Hoëveld. Foto: Hendrik Smith

Van nader beskou, is daar natuurlik ook ander faktore wat die opbrengsreaksie van gewasse in die klimaatstreek beïnvloed. 'n Mens moet natuurlik altyd besef dat die toestand van grond, asook die kwaliteit van toepassing op bewaringslandbou, 'n groot rol in die sukses speel. Wat laasgemelde betref, is die soort gewas, hoe lank geenbewerking of wisselbou, insluitende dekgewasse, al toegepas word en of die integrasie van vee deel van die stelsel is en of 'n deklaag van oesreste voldoende teenwoordig is, belangrike praktyke wat behoorlik toegepas moet word.

By mielies speel die aantal jare wat geenbewerking ononderbroke op die grond toegepas is, 'n groot rol. Gedurende die eerste sowat twee tot drie jaar van geenbewerking kan die opbrengs van mielies daal – veral as dit op gedegradeerde grond toegepas word. Daarna is dit gewoonlik gelyk aan of hoër as dié van konvensioneel-bewerkte grond.

In teenstelling met mielies word die opbrengs van katoen, peulgewasse soos sojabone en oliesade soos sonneblom nie deur die aantal jare van geenbewerking beïnvloed nie. Die aanvanklike opbrengsdalings soos wat dikwels met mielies die geval is, is by dié gewasse afwesig.

Hieruit is reeds twee belangrike lesse te leer. Eerstens is dit sinvol om geenbewerking met 'n alternatiewe gewas – verkieslik 'n peulgewas soos sojabone – te begin en dan eers in jaar twee mielies te vestig.

Hiermee word die tydperk van 'n moontlike mielie-opbrengsdaling met een jaar verkort. Omdat feitlik al die graanverbouingsgronde in die Hoëveld gedegradeer is as gevolg van die verlies van grondkoolstof deur dekades se oormatige grondversteuring, is dit 'n goeie praktyk om die grond se fisiese en chemiese beperkings soos kompaksie en grondversuring eerstens op te hef en dan biologies te stimuleer.

In hierdie opsig word 'n dekgewas soos voersorghum of 'n geskikte somer- en/of winterdekgewas mengsel as eerste geenbewerking-gewas gevestig om die grond (biologies) te verbeter en meer oesreste op die oppervlak te kry.





Hoëveld ideaal vir geenbewerking

Die tweede belangrike les is dat grond wat na geenbewerking oorgeskakel is, nie na enkele jare vir een of ander twyfelagtige rede weer bewerk moet word nie. Soms word aanbeveel dat geenbewerktegrond elke derde of vierde jaar wel bewerk moet word. Indien dit bewerk word, word die kwaliteits- of gesondheidsverbetering van die grond weer ongedaan gemaak en bestaan die moontlikheid dat mielie-opbrengs weer kan daal.

Dit neem jare om die kwaliteit van die grond te verbeter, terwyl bewerking dit onmiddellik agteruit laat gaan.

Volgens die studie is die behoud van 'n deklaag van gewasreste op die grond en wisselbou ook onlosmaaklik deel van die sukses van geenbewerking in droë klimaatstreke. Sonder dié twee praktyke word 'n deel van die potensiele graanopbrengs met geenbewerking prysgegee. Wisselbou en die behoud van oesreste op die grond is daarom twee belangrike beginsels van bewaringslandbou.

Die beweiding van oesreste is 'n gevestigde praktyk op die meeste plase en die verandering van konvensionele na geenbewerking kan 'n aanpassing van die veevertakking vereis. Die oorbenuiting van oesreste vir vee wat die grond kaal laat moet dus vermy word, maar die holistiese benadering van bewaringslandbou bied weer eens 'n oplossing.

Deur die insluiting en benutting van dekgewasse – verkieslik deur ultra-hoë beweidingspraktyke – kan grond, asook die produktiwiteit, winsgewendheid, risiko en veerkragtigheid van die stelsel nog vinniger verbeter word.

In Pittelkow *et al.* (2015) se omvattende studie het die rol van grondeienskappe soos die tekstuur in die reaksie van gewasse op geenbewerking ongelukkig nie aandag gekry nie. Inligting oor die grond waarop die geenbewerkingsproewe gedoen is, was gebrekkig.

Grondtekstuur speel 'n groot rol in die sukses van geenbewerking. Uit ons eie ondervinding en navorsing weet ons dat geenbewerking op leem- en kleigrond met groot sukses toegepas word en dat dit

die impak van droogtes gedurende Januarie en Februarie drasties kan versag.

Op sandgrond, veral dié met minder as 10% klei wat met gemak verdig, is sukses met geenbewerking nie 'n gegewe nie en sal bewaringsbewerking waar die bewerking tot die minimum beperk word, waarskynlik eerder of aanvanklik suksesvol wees. Ons uitdaging is om vas te stel wat die minimum vereiste is en watter bewaringslandboustelsel in hierdie toestande die beste werk en oor die lang termyn volhoubaar is.

Geenbewerking is een van die beginsels van bewaringslandbou wat nie noodwendig slaag as die ander beginsels, soos wisselbou en die behoud van 'n deklaag van oesreste, nie daarmee saam toegepas word nie. Geenbewerking moet nie in isolasie oorweeg of toegepas word nie, maar as deel van 'n holistiese bewaringslandboustelsel gesien word.

Dit is verder essensieel dat die produsent wat van konvensionele bewerking na bewaringslandbou wil oorskakel, die moontlike aanpassing van die veebedryfsvertakking op die plaas ook toepas.

'n Belangrike stelling in die omvattende studie is dat plaaslike navorsing noodsaaklik is om akkerboukundige riglyne vir geenbewerking daar te stel. Tans is daar 'n sterk aanduiding dat die plantestand en rywydtes van mielies aangepas moet word om produksie te optimaliseer.

Ander aspekte soos die identifikasie van geskikte kultivars, die integrasie van dekgewasse en die veebedryfsvertakking, die verandering in die bemestingsbehoefte en plaag- en siektebeheer behoort ook ondersoek te word. ■

Bronne

Blignaut *et al.* 2015. *Promoting and advancing the uptake of sustainable, regenerative, conservation agriculture in the maize production sector.* Development Bank of Southern Africa, Green economy policy brief series.

Pittelkow *et al.* 2015. *When does no-till yield more? A global meta-analysis.* Field Crops Research 183:156 - 168. (<http://dx.doi.org/10.1016/j.fcr.2015.07.020>)

Fertasa welcomes new CEO

ADRIAAN DE LANGE, chairperson: Fertasa

Dr Pieter Haumann has been elected as the new chief executive officer (CEO) of the Fertiliser Association of Southern Africa (Fertasa), the recognised and preferred body aimed at the credible promotion of responsible and sustainable fertiliser use. Dr Haumann will begin his tenure as CEO in January 2017.

After a successful tenure as CEO of Fertasa, Mr Adam Mostert will step down in January 2017. He has provided invaluable leadership during his time at the helm and has certainly created a solid foundation for the future. ■



Dr Pieter Haumann
– new CEO of Fertasa.

Fokus op die mooi in elke lewenseisoen

RUTH SCHULTZ, SA Graan/Grain medewerker

Die lewe bestaan uit seisoene en elke seisoen het sy hartseer, maar elke seisoen het ook sy mooi. Jy het nie altyd beheer oor die seisoene in jou lewe nie, maar jy het 'n keuse of jy in pyn wil bly sit of eerder wil fokus op die mooi.

Hierdie was me Milanie Vosloo, sakevrou en skrywer, se kernboodskap aan produsente se vroue wat op 22 September Monsanto se Vrouedag op Heidelberg bygewoon het. Die ander vrouedae is op Lichtenburg, Wolmaransstad, Bethlehem en Middelburg gehou.

“Wie ken die seisoene van die lewe beter as jy? Jy wat jaar na jaar die pit in die grond sit en onsekerhede soos of dit gaan reën of nie in die gesig moet staar,” het Vosloo aan die vroue gesê. Sy wens elke vrou lente-, somer-, herfs-, en wintervriendinne in hul lewens toe, want elkeen van dié vriendinne sal jou ondersteun om die

lewenseisoene te hanteer en dit met oorvloedige geluk saam met jou te geniet.

Klerekas weerspieël jou binneste

Me Nina Brown, 'n stylkonsultant wat vroue help om hul God-gegewe skoonheid en nie wêreldse skoonheid te ontdek, was die gasspreker by dié vrouedae vanjaar. “Jy moet kleure dra wat ooreenstem met die vrou wie jy binne jouself is. Indien jy donker gelaatstrekke (donker hare, donker oë) het, maar jy is sag van gees, kan jy nie donker kleure dra nie – hoewel 'n kleuranalise sal toon dat jy kleure soos kobaltblou, rooi, vlootblou en smaraggroen moet dra.

“Ons het soms 'n verwronge beeld van wie ons regtig is, omdat ons ons beeld by mense kry en nie by God nie,” het sy verduidelik. ■



- ▶ 1: Nina Brown, 'n stylkonsultant, besig om 'n boodskap aan Marinda Greeff van Delmas oor te dra, terwyl sy 'n rooi lap om Marinda se nek sit. Rooi beeld vergifnis en beskerming uit.
- ▶ 2: Milanie Vosloo, regs, ondersteun Magda du Toit (korporatiewe kommunikasiebestuurder: Monsanto SA), links, reeds die afgelope 18 jaar met Monsanto se reklame en bemerking. Vosloo is ook die outeur van geestelik-inspirerende boeke.
- ▶ 3: Alwie Carstens is 'n jongman wat in die Noord-Kaap grootgeword het en die stofpaaie van die plaas ken. Hy het sy kinderlewe deurgebring deur skerpioene te jag, hase en voëltjies te skiet en heuning uit te haal. Alwie, wat ook 'n prokureur is, vertel sy plaas- en lewensstories deur sy musiek. Hy het tussen 19 en 23 September die drie dames, Milanie, Magda en Nina, op 'n toer vergesel tydens Monsanto se jaarlikse vrouedae, wat op verskeie plekke in die land plaasgevind het.
- ▶ 4: Pamela Steenkamp (heel regs) het haar tweelingsussie, Valerie Damon en Valerie se dogter, Cheryldene en vriendin, Mariëtta Opperman, saamgebring na die Monsanto-bederfdag vir vroue net buitekant Heidelberg in Gauteng.

PNS 25 Jaar-verhaal in koffietafelboek saamgevat

RUTH SCHULTZ, SA *Graan/Grain* medewerker

Deel van die Proteïennavorsingstigting (PNS) se 25ste bestaansjaarvieringe verlede jaar was die saamstel van 'n 25 Jaar-gedenkboek wat handel oor die ontwikkeling van die PNS.

Dié spogpublikasie is op 4 Oktober aan verskeie gaste uit die bedryf tydens 'n kaas-en-wyngeleentheid in Pretoria bekendgestel. Elke gas het 'n eksemplaar ontvang om huis toe te neem.

Mnr Gerhard Scholtmeijer, voorsitter van die PNS en redakteur van dié publikasie, het tydens die bekendstelling sy dank aan almal in die bedryf met wie die PNS verbintnisse het, uitgespreek.

"Sonder almal se ondersteuning, belangstelling en bydraes sou hierdie boek nooit kon verskyn nie. 'n Groot deel van die geskiedenis wat in hierdie boek vervat is, is te danke aan almal van julle se bydraes. Ons vertrou dat hierdie besondere gees van samewerking vir nog baie jare volgehou sal word," het hy gesê.

Die 180-blad, hardeband-koffietafelboek bestaan uit tien hoofstukke met 17 onderafdelings en 'n addendum wat al die projekte wat die PNS oor die jare befonds het, bevat. In Hoofstuk 3 word daar meer inligting gegee oor die PNS se ontstaan en ontwikkeling en hul buitelandse betrokkenheid, asook die vismeelindustrie.

In die daaropvolgende drie hoofstukke wat handel oor kanola, sojabone en lupiene word die PNS se bydrae en rol in hierdie drie bedrywe bespreek. Voorts behandel 'n paar outeurs die onderskeie PNS-vennootskappe wat oor die jare met instellings, organisasies en departemente ontstaan het.

Hoofstuk 8 handel oor die verbetering in proteïenverbruik vir dierevoeding, terwyl daar geskryf word oor die ontstaan en ontwikkeling van die PNS-webtuiste, beursskema en prestasietoeken-

nings in Hoofstuk 9. In die slothoofstuk gesels Scholtmeijer oor die PNS se toekomsvisie.

The Development of the Protein Research Trust is in samewerking met Infoworks Media Publishing uitgegee en sal volgende jaar ook in 'n blaaiboekformaat op die PNS-webtuiste beskikbaar wees. ■

▼ 'n Geskiedkundige oomblik: Gerhard Scholtmeijer, regs, oorhandig die eerste kopie van die PNS 25 Jaar-gedenkboek aan dr Rudolph Bigalke, eerste voorsitter van die PNS, by die boekbekendstelling in die noordelike gebied. "Die raad van die PNS gee graag erkenning aan u vir die baanbrekerswerk wat deur u as raadslid, maar ook as eerste voorsitter van die PNS, gedoen is. Hiermee die eerste kopie as herinnering aan die diep spore wat u getrap het," lees die boodskap wat die PNS vir dr Bigalke voor in sy eksemplaar geskryf het. Die boek is ook tydens 'n tweede geleentheid in die Wes-Kaap bekendgestel.



Taking a fresh look at African soils

LIESEL SWART, Department of University Relations: University of Pretoria

Researchers from seven African countries have launched the African Soil Microbiology Project at the University of Pretoria in November 2016, in a world first attempt to survey soil microbiology in sub-Saharan Africa. It is hoped that a baseline understanding of the organisms in African soils will be gained with this project and that it will contribute to soil fertility, climate change and health research on the continent.

Prof Don Cowan, director of the Centre for Microbial Ecology and Genomics at the University of Pretoria (UP), says that this is a cutting-edge project: 'We know now that microbial communities in soil are important for agricultural performance, bioremediation and many other things. But we know almost nothing about soil microbiology in Africa.'

Funded by the United States Agency for International Development (USAID) and running over three years, the African Soil Microbiology Project (AfSM) will rely on research partners in

other countries to complete the first ever microbiological survey of African soils. These partners will carry out sampling campaigns in their respective countries and send the samples to UP for analysis using Next Generation DNA sequencing.

This will identify all the microorganisms found in different types of soil – a science known as phytogeography. Researchers from each of the partner laboratories will help analyse data, share knowledge of local ecological conditions and write publications.

When combined with climate and land use information, this can be an extremely valuable resource for researchers and policymakers. 'We hope to begin to understand the way in which differences in region, climatic patterns and land use can affect the structure of microbial communities,' Prof Cowan said.

For more information, contact Prof Cowan at don.cowan@up.ac.za. ■



- 1: Michael Graham tydens die inhuldiging van die nuwe saadnavorsingsfasiliteit op Petit. 'n Koek in die vorm van die nuwe kantore is vir die seremonie gebak.
- ▲ 2: Michael Graham en Jonathan Jenkinson (navorsingsleier: Monsanto, Asië en Afrika) huldig die nuwe fasiliteit tydens nog twee inhuldigingssessies in, naamlik 'n lintknipsessie en die onthulling van die gedenkplaat wat aan die voorkant van die gebou aangebring is. Jenkinson wens vir Kiru Pillay geluk met dié suksesvol-voltooid projék.
- ◀ 3: Tradisionele Afrika-dansers deel in die feesvieringe tydens die opening van die nuwe Monsanto-navorsingsfasiliteit.

Moderne navorsingsfasiliteit geopen

RUTH SCHULTZ, SA Graan/Grain medewerker

Die uitleg van Monsanto se nuwe R15 miljoen-navorsingsfasiliteit op Petit naby Benoni, leen homself tot 'n meer netwerk-vriendelike omgewing waar idees uitgeruil kan word.

"Ek hoop dat die span meer tyd in areas soos die nuwe moderne kombuis sal deurbring eerder as agter hul lessenaars, want dit is in hierdie areas waar daar gewerk word aan idees vir die volgende generasie produkte," het mnr Kiru Pillay (navorsingsleier: Monsanto Suid-Afrika en WEMA) tydens die opening op 30 September vanjaar gesê.

'n Audiovisuele raadsaal sal personeel toelaat om idees met hul internasionale kollegas uit te ruil en met mekaar te kommunikeer oor plaaslike en internasionale tegnologie, wat weer waarde vir produsente in Suid-Afrika en Afrika sal bied.

"Die merkwaardige span by Petit werk die afgelope tien jaar aan die beste kiemplasmaprodukte in die Suid-Afrikaanse mark. Hulle het ook die afgelope vyf jaar transformasie ten opsigte van tegnologie ondergaan. Dit is uiters opwindend om te sien hoe hierdie transformasie die saadteelprogram en die kommersiële produkte in die mark beïnvloed," het mnr Michael Graham (wêreldwye navorsingsleier: Monsanto) gesê.

Buiten dat die kantoor meer as dubbel die grootte van die vorige gebou op die navorsingperseel is, is die werksomgewing ook nou energiedoeltreffend en rolstoelvriendelik. Ander ekstras sluit in nooduitgange, beter beligting en 'n bykomende eerstehulpkamer. 'n Totaal van 256 kontrakteurwerkers het aan hierdie projék, wat binne ses maande voltooi is, gewerk.

"Hierdie is 'n wêreldklasfasiliteit vir 'n wêreldklasspan," het Graham afgesluit. ■

Mag jy en jou fa"mielie"
vreugde ervaar hierdie
feesseisoen.

Daar is geen groter geskenk as tyd saam met geliefdes nie. Geniet die blaaskansie sodat jy die komende jaar met hernieude energie kan aanpak. Monsanto sien daarna uit om saam met jou die meeste te maak van die geleenthede wat voorlê.

Kersfees ... 'n tyd vir lag en saamwees.



Graanproduksie en -produkte: Klop die syfers?

LUAN VAN DER WALT, ekonoom: Graan SA

In die graanmark is die fokus meestal op die produksie van graan en hoe die beskikbaarheid, vraag en aanbod van graan daar uitsien. Soms word ander interessante inligting, soos byvoorbeeld die verwerking van graan en hoe die produksyfers met die geproduseerde syfers korreleer, agterweë gelaat.

Die inligting van die verskillende produkte – wat verkry word vanaf die verwerking van beide mielies en koring, word op 'n maandelikse basis deur die Suid-Afrikaanse Graan Inligtingsdiens (SAGIS) vrygestel. Hierdie syfers bevat inligting van die volumes van die verskillende produkte wat van beide mielies en koring geproduseer word.

Met verloop van tyd is bewys dat SAGIS se leweringsyfers en die oesskattingkomiteesyfers redelik akkuraat en in die kol is en dat daar 'n redelike korrelasie tussen die twee is. Dit beteken derhalwe dat die oesskatting en die SAGIS-syfers geloofwaardig is.

Met die produksyfers wat nou ook deur SAGIS gepubliseer word, kan produkte wat vanuit hierdie grane vervaardig word, nou ook bestudeer word.

Die produksyfers stel jou in staat om die syfers verder te verwerk en korrelasies te identifiseer – wat strek vanaf die produksiesyfers soos geskat deur die Nasionale Oesskattingkomitee (NOK) tot en met die fisiese lewering en die produkte wat daaruit vervaardig word.

Waarvoor word die grane aangewend?

Mielies en koring is twee belangrike gewasse in Suid-Afrika. Dit dien as stapelvoedselprodukte en vorm 'n groot deel van die kosmandjie van 'n groot persentasie Suid-Afrikaners. Dit is interessant om te


sien van watter grane af watter van die produkte wat geproduseer word, kom en ook waarvoor die grane hoofsaaklik aangewend word.

Grafiek 1 tot Grafiek 3 toon die produkte wat onderskeidelik van witmielies, geelmielies en koring vervaardig word. Die spesifieke produksyfers wat getoon word, is produkte wat vervaardig word vir menslike verbruik en sluit nie produkte vir die veevoerbedrywe in nie. Die byprodukte wat verkry word in die vervaardiging van die produkte word grootliks in die veevoermarkte gebruik. Dit sluit mielie- en koringsemels in.


Dit is alombekend dat witmielies hoofsaaklik as 'n stapelvoedsel vir 'n groot persentasie Suid-Afrikaners dien – en grootliks in die vorm van mielie-meel. Grafiek 1 toon 'n verdeling van die produkte wat uit witmielies verkry word. Dit is duidelik dat die meeste witmielies as mielie-meel gemaak word – met 64% van die totale volume mielies wat oor 'n jaar-tydperk as mielie-meel gemaak is.

Die grootste persentasie geelmielies (Grafiek 2) is verwerk om mielerys, omruilmaal en stampmielies te vervaardig. Hierdie drie produkte het saam sowat 48% van die totale volume verwerkte geelmielies beslaan, met die byproduk mieliesemels wat 31% daarvan uitgemaak het. Die mielie-meelkomponent het maar 13% daarvan uitgemaak.


Die vergelykings het slegs betrekking op heel mielies wat verwerk word vir menslike verbruik en sluit nie die heel mielies wat na die veevoerbedrywe gaan, in nie. Die meeste geelmielies word hoofsaaklik vir veevoerdoeleindes gebruik. In Grafiek 3 is 'n ontleding van die koringprodukte. Dit is duidelik dat die meeste koring verwerk word vir die vervaardiging van broodmeel (48%), terwyl koekmeel 26% en koringsemels 20% uitmaak.



Grafiek 1: Witmielieprodukte (Augustus 2015 - Augustus 2016).
Bron: SAGIS




Grafiek 2: Geelmielieprodukte (Augustus 2015 - Augustus 2016).
Bron: SAGIS




Grafiek 3: Koringprodukte (Augustus 2015 - Augustus 2016).
 Bron: SAGIS

“ Hierdie syfers bevat inligting van die volumes van die verskillende produkte wat van beide mielies en koring geproduseer word. ”



Grafiek 4: Maandelikse mielieprodukte teenoor die maandelikse menslike verbruiksyfer vir heel mielies.
 Bron: SAGIS



Grafiek 5: Maandelikse koringprodukte teenoor maandelikse menslike verbruiksyfer vir heel koring.
 Bron: SAGIS

Vergelyking van produkte met maandelikse voorraadsyfers

Wanneer daar van inligting wat syfers bevat om markanalises te doen en tendense te bepaal gebruik gemaak word, is dit krities dat die syfers akkuraat moet wees ten einde betroubare voorspellings te maak. Die syfers moet behoorlik korreleer om dit so effektief moontlik aan te wend. Wat vraag en aanbod betref, is dit belangrik om te weet hoe akkuraat dit is en of vraag en aanbod regtig beduidend met mekaar korreleer.

Die aanbod van die rou kommoditeite is afhanklik van die produksie en/of die invoere daarvan. Die vraag word weer bepaal deur die produkte wat verbruik word en die verwerking van die graan self. Grafiek 4 en Grafiek 5 toon die totale volume maandelikse produkte teenoor die rou kommoditeite, wat gedurende die maand vir menslike verbruik (mielies en koring onderskeidelik) verwerk is.

Uit Grafiek 4 en Grafiek 5 is dit duidelik dat die produktesyfers beduidend met die verwerkingsyfers korreleer en dat die syfers


redelik akkuraat is. Die syfers, soos deur SAGIS verskaf, toon op 'n gemiddelde basis besonder naby aan 'n 100%-akkuraatheid. Die syfers wat met mekaar vergelyk word, is die maandelikse volume graan wat vir menslike verbruik verwerk is – soos verkry uit die maandelikse vraag-en-aanbodsyfers, asook die maandelikse totale produkte verkry vanuit die graan. Die semels, wat as byproduk vanaf die mielies verkry word, is gemiddeld so 30%, terwyl dié verkry uit koring gemiddeld so by die 20% beloop.

Ten slotte

In enige bedryf waar analises gedoen en besluite geneem moet word, speel inligting 'n belangrike rol. Hierdie inligting moet akkuraat wees en met gemak aangewend kan word. Dit is duidelik dat die syfers wat deur SAGIS gepubliseer word, betroubaar is en dat die geloofwaardigheid daarvan nie in twyfel getrek sal kan word nie.

Die byhou van hierdie tipe inligting hou heelwat voordele vir die bedryf in en dit is dus belangrik vir belanghebbendes om die waarde daaraan verbonde en hoe dit gebruik kan word om die verskeie faktore te ontleed, te verstaan. ■

Groot stamme, groter wortels, grootste blare.
Groter opbrengs met Bellis[®]



Bellis[®] - Die nuutste toevoeging tot die **BASF AgCelence[®]** -portefeulje verseker nie net effektiewe siektebeheer op sonneblomme nie, maar verskaf ook addisionele fisiologiese voordele vir optimale opbrengs. Ons noem dit die **AgCelence[®]**-effek:

- Verhoogde plantgroeidoeltreffendheid met beter fotosintese doeltreffendheid, stikstofverbruik asook verhoogde biomassa-ontwikkeling
- Verhoogde toleransie teen stremming in situasies soos droogte deur etileenproduksie te inhibeer

Kry die **AgCelence[®]-voordeel met **Bellis[®]****

 **BASF**
We create chemistry



'n Duitse velddag

– hou ons kers vas?

JOHAN SMIT, besturende redakteur: SA Graan/Grain

Net soos wat die teelepel 'n eenvoudige, maar treffende uitvindsel is, bly inligtingsdae vir produsente op eie bodem 'n konsep wat eenvoudig net werk. Aangesien teelepels selfs in Europa 'n tydlose item is, is dit interessant om te weet hoe insetverskaffers op dié kontinent te werk gaan wanneer 'n inligtingsdag aangebied word.

As deel van SA Graan/Grain se besoek aan Duitsland (op uitnodiging van BASF) vroeër vanjaar, het die vooruitsig om die Gemüsebau-Feldtag in Dannstadt-Schauernheim digby Mannheim by te woon 'n sonderlinge verwagting geskep. Hoe vergelyk die standaard en inhoud van 'n Eerstewêreld-inligtingsdag met dít waaraan ons gewoond is in Suid-Afrika en watter wenke is daaruit te neem?

Met inagneming van die feit dat die Rynvallei-streek waar ons besoek afgelê het, grootliks bestaan uit kleiner plase waar 'n verskeidenheid van grane, groente, wyndruiwe en voergewasse verbou word, was ons die relatiewe klein perseel waarop die strookproewe aangeplant is, te wagte. Die proefperseel is uitgemerk, afgebaken en met netjiese inligtingsbordjies per proef afgerond en alles is natuurlik met Duitse presisie gedoen.

Die inligtingsdag, oftewel "velddag", is aangebied deur 'n saadverskaffer, naamlik Enzo Zaden, in samewerking met BASF Crop Protection, 'n meganisasiemaatskappy en 'n handvol ander kleiner verskaffers. Hierdie tipe samewerking deur insetmaatskappye is 'n interessante alternatief vir enkelfokus-inligtingsdae wat slegs deur 'n spesifieke verskaffer aangebied word. In die afgelope jare is dit opmerklik dat plaaslike verskaffers ook hande vat om die trefkrag van 'n inligtingsdag vir produsente te verhoog.

Iets anders wat ook opgeval het, is dat die nagenoeg 800 produsente wat die dag bygewoon het, ná verwelkoming en registrasie

geen grootgroep-lesing of aanbieding moes bywoon nie. Landboukundiges of produksiespesialiste neem eerder 'n groepie van minder as tien mense per keer te voet deur die perseel. Sterk klem is gelê op die feit dat die proewe wat aangeplant is nie wetenskaplike proewe vervang nie, maar ten doel het om die gewasse se prestasie onder werklike toestande te demonstreer.

In lyn hiermee was voorbeelde van gewasse wat gebrekkige toediening en/of oortoediening van onkruid- en plaagbeheer ontvang het, vertoon. Dit was interessant dat voorbeelde van die effek van droogtestremming en oormatige reën op gewasse ook ten toon gestel is. Vir 'n produsent wat die velddag bywoon, is dit dus soos om 'n motor vir die naweek te kry om te toetsbestuur eerder as om dit net in die vertoonlokaal te bewonder of net straataf en terug te kan ry.

'n Verbouingstonnel aan die kant van die perseel is ingerig as 'n kuier- en eetlokaal. By die laaste besoekpunt van die dag is onbeskryflike lekker Duitse disse en vatbier bedien. Laasgamelde kan 'n skrywer se oordeel natuurlik beïnvloed, maar boeregasvryheid bly boeregasvryheid – in enige taal en op enige kontinent. Die Suid-Afrikaanse braai-etes wat normaalweg by ons inligtingsdae bedien word, hoef egter nie 'n duit terug te staan vir die Gemüsebau-Feldtag s'n nie.

Gemeet aan die standaard van BASF se produsente-inligtingsdae wat oor die afgelope jaar by Delmas, Rysmierbult, Howick en op Douglas aangebied is – en selfs dié van ander mededingermaatskappye – kan Suid-Afrikaanse produsente myns insiens tevrede voel dat 'n hoë standaard op eie bodem gehandhaaf word. Hoewel tyd maar vir almal beperk is, bly so 'n dag 'n moeite werd-aksie vir tegnologie-oordrag, persoonlike kontak en eerstehandse ervaring van produkte. ■



▲ Besoekers aan die inligtingsdag by Gemüsebau-Feldtag in Duitsland bring in klein groepies besoek aan die proewe.



▲ Produsente van die Rynvallei maak keel nat na 'n oggend op die proefperseel.



Plaasnostalgie



Wat laat jou met heimwee; met verlange terugdink aan die plaas? 'n Ou planter wat onder 'n bloekomboom staan en roes? Die melkkan vanmelewe se dae? 'n Kindjie wat 'n hanslam melk gee? Wat van daardie veteraantrekker wat nog ingespan word om die land om te ploeg? Dalk 'n ou klipkraalmuur of plaashek? Of dalk 'n plaasopstal wat al 'n eeu oud is?

In 2017 is die Graan SA/Sasol-fotokompetisietema "**Plaasnostalgie**". Ons sien met groot verwagting uit na ons lesers se interpretasie van dié unieke tema.

PRYSGELD VERHOOG

Komaan, skryf in: Wie weet, dalk is jy een van die maandwenners wat R1 500 kontant wen of dalk stap jy nog met die groot prys (R15 000) aan die einde van die kompetisie weg.

Vanaf Januarie 2017 word daar vir twaalf uitgawes elke maand 'n wenner deur 'n paneel beoordelaars aangewys – wat 'n kontantprys van **R1 500** ontvang. Die twaalf finaliste kom in aanmerking vir **R15 000 (wenner)**, **R10 000 (naaswenner)** en 'n **derde prys** van **R5 000**. Baie dankie aan Sasol wat weer hierdie jaar die prysgeld borg: R48 000 altesaam.

SLUITINGSDATUM:

Januarie 2017: 6 Januarie

Februarie 2017: 24 Januarie

**Stuur foto's na elmien@infoworks.biz.
Onthou om u naam, kontakbesonderhede
en 'n byskrif vir die foto saam te stuur.**

KOMPETISIEREËLS

1. Slegs amateurfotograwe (dit wil sê persone wat nie 'n bestaan maak uit die neem van foto's nie) mag vir die kompetisie inskryf.
2. Deelnemers kan 'n maksimum van drie foto's (waarvan die onderwerpe verskil) per uitgawe inskryf. Indien meer as drie foto's ingestuur word, sal die eerste drie foto's wat ontvang word, vir die kompetisie in aanmerking geneem word.
3. Fotograwe kan elke maand tot en met die afsnytyd hul foto's instuur. Inskrywings wat ná die afsnytyd ontvang word, sal vir die volgende maand se kompetisie ingeskryf word.
4. 'n Deelnemer wat 'n maandwenner is, kan vir die daaropvolgende drie uitgawes nie inskryf nie.
5. Foto's wat ingeskryf word, moet uniek wees en nie oor dieselfde onderwerp handel as foto's wat vir 'n ander fotokompetisie ingeskryf is nie. Foto's wat ingeskryf word, mag ook nie voorheen gepubliseer wees nie.
6. Inskrywings moet die tema "Plaasnostalgie" uitbeeld.
7. Die fotograaf moet 'n fotobyskrif asook sy posadres en telefoonnommer/s saam met die foto verskaf.
8. Persone op die foto moet geïdentifiseer word (verskaf noemnaam en van).
9. 'n Paneel, wat bestaan uit twee professionele fotograwe asook verteenwoordigers van SA Graan/Grain en Sasol, sal die foto's maandeliks beoordeel.
10. Slegs e-posinskrywings sal aanvaar word. Die foto's moet nie groter as 10 MB elk wees nie, in JPG-formaat en nie kleiner as 15 cm x 20 cm wees nie. Indien foto's met 'n filmkamera geneem word, moet dit teen 'n resolusie van 300 dpi geskandeer word.
11. Gemanipuleerde foto's (waar veranderings aangebring is) sal nie aanvaar word nie. Om 'n foto te sny (*crop*) word nie as manipulasie beskou nie.
12. Graan SA behou die reg voor om foto's wat onduidelik is of nie aan die kompetisieëls voldoen nie, af te keur.
13. Alle inskrywings word die eiendom van Graan SA. Die foto's sal in 'n databank gebêre word en Graan SA en Sasol mag dit vir toekomstige promosie-, bemarkings- en publikasiedoeleindes gebruik. Deur in te skryf, stem die deelnemer in daartoe en geen eise van derde partye vir skending van kopiereg kan ingedien word nie.
14. Werknemers van Sasol, Graan SA of Infoworks mag nie vir die kompetisie-inskryf nie.



Looking back on a colourful year

SA GRAAN/GRAIN EDITORIAL STAFF

A big thank you to everyone who took part in this year's competition and surprised us with their interpretations of 'agriculture in full colour'. We received the most unbelievable photos – which made it very difficult for the judges to identify the winner every month.

The last winners of this year's competition will be announced in the January issue.

We have a brand new theme for the competition in 2017, namely 'Farm nostalgia'. We know our readers are serious about tradition and those things that touch the heartstrings, so we are looking forward to what you are going to send us!



◀ Marike Gregory from Utrecht, received a R1 000 cash prize for her photo 'Nagsé'.

WINNING PHOTO FOR NOVEMBER



▲ Congratulations to Hendrik de Waal from Durbanville whose photo 'Arendsoog-blik van Franschhoek' won him a cash prize of R1 000.

2nd



▲ Petro Sutherland's photo 'Veelkleurige insekte word aangelok deur die goudeel stuifmeeldrade in 'n uieland' secured her a second place in this month's competition. Petro is from Hopetown.

3rd



▲ In third place is Mariana van Deventer from Swellendam with her photo 'The crystal raindrops on the vibrant green wheat leaf is the only proof of the recent rain.' ■

WIELE

vir die plaas



GERRIE SMIT, lid van die SA Motorskrywersgilde

‘n “Kyk weer-bakkie”

– padindrukke van die Foton Tunland Granite

toe die eerste Chinese bakkies in 2007 in Suid-Afrika bekendgestel is, het verskeie vervaardigers met dieselfde resep vorendag gekom, naamlik die bakwerk uit ‘n vorige geslag van die Isuzu KB met ‘n enjin wat ontwikkel is uit Toyota se bekende 4Y-enjin van 2,2 liter.

Baie van die Chinese bakkievervaardigers het sedert 2007 probeer om ‘n mark in Suid-Afrika te vestig. ‘n Mens dink byvoorbeeld aan Gonow, Meiya, Soyat, CAM en Fudi – en moenie dink hulle was klein en onbelangrik in China nie!

Hulle is groot vervaardigers, maar hul plan om die bakwerk uit ‘n vorige geslag van die Isuzu KB met ‘n enjin wat ontwikkel is uit Toyota se bekende 4Y-enjin van 2,2 liter met hul eie handelsmerk te gebruik, het nie in Suid-Afrika geslaag nie. Suid-Afrikaners ken hulle bakkies en hierdie pogings is geweeg en te lig bevind.

Drie Chinese vervaardigers het egter staande gebly, naamlik JMC, GWM en Foton. Laasgemelde vervaardiger het in 2013 die Tunland bekendgestel en ‘n nuwe beperkte model, bekend as die Granite, is pas by die reeks gevoeg.

Die Tunland is al gevestig in Suid-Afrika, maar kon nog nie ‘n groot indruk op die Suid-Afrikaanse publiek maak soos die Toyota Hilux, Ford Ranger of Isuzu KB nie – al bied dit waarde teen ‘n baie aantreklike prys. Miskien is daar ‘n mate van handelsmerk-snobisme.

Granite is net in ‘n 4x2-model beskikbaar en daar is ‘n paar opvallende verskille vergeleke met die Luxury-model, wat tot dusver die topmodel was. Daar is byvoorbeeld baie panele wat in swart, eerder as chroom of in die bakkleur, afgewerk is.

Dit sluit die rooster, kantspieëls en modderskerms en bosbreker in. Daar is ook ‘n rolstaaf en ‘n seiltjie op die bak, wat egter losgeskroef moet word wanneer ‘n vrag gedra moet word. Die Granite-handelsmerk is op die voorste deure en op die agterklap van die laaibak. Die Granite kom met kenmerkende swart wiele met Cooper-bande en sy grondvryhoogte is hoër as dié van die ander modelle. Swart treeplanke maak toegang tot die binnekant makliker.

Die binnekant van die Granite is baie netjies afgewerk: Die swart leersitplekke is standaardtoerusting en die Granite-handelsmerk is ook op die voorste kopstutte aangebring. Daar is dun houtstroke op die paneelbord en die deure en dit lyk baie mooi. Daar kan ook nie fout met die bouehalte gevind word nie. Hoewel kenmerke soos ‘n tru-kamera en ‘n raakskerm vir die klankstelsel in hul afwesigheid skitter, is daar min ander dinge wat ‘n mens nog sou wou hê.

As ‘n mens egter die bakkie se prys in aanmerking neem, is hy eintlik uitstekend toegerus. Daar is oorgenoeg plek vir vier (dalk selfs vyf) mense en dit is nie so ongemaklik om by die agterste deel van die kajuit in te kom soos met vroeëre dubbelkajuitbakkies nie.

Dit het ‘n uitstekende klankstelsel met ‘n radio en CD-speler. Daar is plek vir ‘n USB-stokkie regs van die CD-speler, maar om dit te gebruik is ‘n uitdaging. Daar is gelukkig ook parkeersensors agter – wat tot ‘n mate vir die gebrek aan ‘n tru-kamera vergoed.

Een groot besprekingspunt van die Tunland is die 2,8 liter turbo-aangejaagde dieselenjin. Hierdie enjin is deur die Amerikaanse vervaardiger Cummins ontwikkel en het ‘n kraglewering van 96 kW teen 3 600 r/min en ‘n wringkrag van 280 Nm tussen 1 400 r/min en 3 000 r/min.



SILO WAREHOUSE
(PTY) LTD

**Silos, grain bunkers, bucket elevators,
augers, grain cleaners, chain-, pipe-,
belt conveyors and grain dryers**

**Feed bins and hopper bottom silos,
capacities 5 mt - 500 mt**

www.silowarehouse.co.za

E-mail: info@silowarehouse.co.za

Tel: 012 332 1469





▲ Foton het in 2013 die Tunland bekendgestel en 'n nuwe beperkte model, bekend as die Granite, is pas by die reeks gevoeg.

Volgens die ritrekenaar is die gemiddelde brandstofverbruik tussen 7 liter en 7,3 liter per 100 km in die stad en op die oop pad – 'n uitstekende syfer vir 'n voertuig in hierdie klas.

Vergeleke met 'n paar van sy mededingers is die enjin 'n bietjie raserig en wéét jy jy ry met 'n dieselmakkie. Dit is egter nie 'n groot probleem nie en insittendes kan mekaar steeds hoor – selfs al praat hulle nie hard met mekaar nie. Die hele reeks kom met 'n vyfgang-handratkas as standaardtoerusting. Nogtans is die koppelaar en die rathefboom nie so swaar soos wat 'n mens sou verwag nie en enigiemand behoort hom maklik te bestuur. Die ritgehalte is nie heeltemal op dieselfde standaard as dié van sommige mededingers nie, maar ook dit is nie ongemaklik nie.

Die sleepkapasiteit van die hele reeks is 2,5 ton. Dit klink nie juis indrukwekkend as 'n mens dit met dié van sommige mededingers vergelyk nie, maar 'n mens moet regtig 'n baie swaar woonwa of sleepwa sleep om 'n hoër sleepvermoë te regverdig.

Die vraag is natuurlik of die Granite die moeite werd is as mens dit met die Luxury vergelyk. Die Luxury 4x2 se prys is R319 995, terwyl die Granite net R10 000 duurder is. Dit maak die Granite uitstekende waarde vir geld – veral omdat sy waarborg pleks van drie jaar of 100 000 km soos die res van die reeks, vyf jaar of 150 000 km is. Dit alleen maak die Granite die moeite werd, asook die feit dat die bykomstighede wat standaardtoerusting op die Granite is, baie duurder sou wees as 'n mens dit afsonderlik sou aanbring.

Natuurlik is die afwerking van die Granite 'n kwessie van persoonlike smaak. Om die Granite se prys verder in konteks te plaas, moet hy met sy mededingers vergelyk word. Die Toyota Hilux 2,4 GD-6 SRX se prys is R442 700 en dié van die Ford Ranger 2,2 XLS is R442 900. Dit beteken dat die Granite meer as R100 000 goedkoper as sy vernaamste teenstanders is.

Daar is egter 'n paar dinge wat 'n mens in gedagte moet hou. Die belangrikste is dat die Hilux, die Ranger en die Isuzu KB deur gevestigde landwyse handelaarsnetwerke gerugsteun word. Dit is veral belangrik vir plattelandse eienaars. Dan is daar die kwessie van herverkoopwaarde – dit is nie duidelik of die Tunland in hierdie opsig met die gevestigde mededingers kan saamgesels nie. Aan die ander kant is 'n bakkie gewoonlik 'n langtermynaankoop en die gemiddelde bakkie-eienaar steur hom nie noodwendig aan modegiere en foefies nie.

As 'n mens die Tunland egter met sy Chinese mededingers vergelyk, lyk dinge sommer baie beter. Die GWM Steed 6 Xscape se prys is hoër as dié van die Tunland en daar is eintlik min te kies tussen hulle. GWM is egter goed verteenwoordig op die platteland en nie noodwendig in stedelike gebiede nie. Daarby is die feit dat twee van GWM se passasiersmotors aan die mark onttrek minder as twee jaar nadat hulle bekendgestel is, verdag. Boonop is 'n diensplan slegs 'n opsie op hierdie model. Die JMC

Vigus SLX-diesel se prys is R309 900, maar 'n vooraanstaande Suid-Afrikaanse motortydskrif het die Steed 6 bo die Vigus gekies toe hierdie twee teen mekaar getoets is.

Die Tunland 4x2-modelle kom met 'n diensplan van twee jaar of 40 000 km as standaardtoerusting, maar hierdie tydperk kan sekerlik verleng word. As 'n mens die prysverskil tussen die Tunland en sy mededingers in aanmerking neem, is dit dalk 'n goeie idee om sommer daarvoor te begroot en 'n verlengde diensplan by die prys in te reken.

Teen R329 995 is die Granite egter uitstekende waarde vir geld. As jy bereid is om sonder 'n paar geriefskenmerke, waarvan sommige werklik onnodig is, klaar te kom en die effens raserige enjin en stamperige rit nie vir jou 'n probleem is nie, sal hy 'n aangename verrassing wees. ■

JHB TRACTOR SPARES
Specialists in replacement parts for
**FORD, FIAT, NEW HOLLAND
and MASSEY**

Tel: (011) 615-6421/677-2100
Fax: (011) 622-4311/616-5144
Email: jhbtrac@icon.co.za
www.jhbtractorspares.co.za

45 YEARS
1971-2016

Die boks

Beste Grootneef

Langenhoven het gesê dat as jy iemand met iets wil gooi, gooi met water. Hy kan dit immers nie teruggooi nie. Die meeste studente by Wits het swerlik nog nie tot daar in die Versamelde Werke gevorder nie. Nadat hulle die *security* voor die Hoofgebou met klippe bestook het, gooi die wagte die studente toe met dieselfde klippe terug! En toe kla die lot studente dat hul menseregte aangetas word...

Dit is soos om met 'n stok in 'n bynes te karring en daarna te kla as die bye jou piets. Ai, ons hier in die Suidland is so goed daarmee om ons eie tragedie te skryf. Die tragedie van die jaar is egter duisende jongmense wie se drome in die sloot af is.

Buurman vertel my anderdag van die boks wat hy gekoop het. Die boks word so vier voet onder die grond in die middel van die land geïnstalleer. Waterpas. En dan wag jy. Want die boks het 'n ratwerk vol positiewe energie met 'n 360°-straal alkant toe.

Buurman sê die boks straal soveel positiewe energie uit dat jou mielies sal groei asof daar 'n spilpunt loop. Geen kunsmis is nodig nie en goggas en wurms neem die wyk as die straal hul tref. Dit is soos reëndruppels vol stikstof – die ene positiewe energie. Op die foto's van die boks waarin die boks verpak was, lyk dit behoorlik asof mielies die hele land wil toerank.

Buurman sê verder jy kan die boks ook in die middel van die veld installeer. Solank dit net waterpas in die gat sit voor jy dit weer toegooi. Weiding soos jy nie sal glo nie. Die beeste glo blinkvet en nie 'n bosluis op 'n bok, bees of skaap wat in daardie kamp loop nie. Die boks met positiewe energie hou ook ongediertes soos rooijakkalse, kraaie en ystervarke uit jou veld.

Die hele boks en al die positiewe energie kos jou net R200/ha. Ongelukkig loop die straal deur 'n doringdraad en sal die buurman so ver die straal slaan, ook die voordeel ontvang. Maar wie sal nou omgee om so bietjie positiewe energie te deel?

Met die boks veilig onder die grond – volgens aanwysings vier voet diep en presies waterpas, wag ons nou net vir die reën. Want die boks laat los eers die positiewe energie as 'n duim reën geval het.

Ek vra vir Buurman die agent se telefoonnommer. Toe verduidelik Buurman daar is nie 'n nommer nie, jy antwoord sommer op 'n e-pos en betaal die geld in die wonderboksrekening in. Jy klik net op die e-pos vir die aantal hektare wat bestraal moet word en stuur die bewys van betaling deur.

Die boks kom dan met 'n koerier tot op die dorp, alles ingesluit by die R200/ha. Hulle stel

sommer die boks vooraf in ook, vir die aantal hektare waarop die boks sy werk moet doen.

Ek sit toe en dink die aand op die suide-stoepie oor die boks vol positiewe energie. Die ding kan mos op 'n klomp plekke gebruik word. Die eerste wonderboks sal ek in die middel van die Bokke se kleedkamer plant. Dalk straal die boks soveel positiewe energie uit dat die Bokke soos Simson dwarsdeur 'n hele horde Filistyne en All Blacks werk – voor rustyd. Daarvoor sal ek sommer R400/ha betaal. Hulle moet die ding net só stel dat die ander span nie ook van die positiewe strale kry nie.

Teen 12 Desember brand die son toe soos dit net in die Vrystaat kan. My en Buurman se positief-bestraalde mielies lyk soos uie teen drie uur in die middag. Ek vra toe maar so oor die heining, wat geword het van al die positiewe energie. Buurman laat weet toe so effe verleë, dat hy die boks gaan opgrawe het om te kyk of hy dalk aan die ratwerk kan stel. En toe hy die boks oopmaak, was dit vol van boggerôl...


Die boks lê nou agter die stoor en 'n swerm bye het daar ingetrek. Hy het probeer om die boks se agent te kontak, maar al sy e-posse kom terug. Dalk is die man net weg op vakansie of iets.

Toe ek met die bakkie huis toe ry, dink ek toe só daaraan: Ons mense is só honger vir hoop, hulle sal selfs daarvoor betaal.

Met genade hoef ons egter nie ons hoop te vestig op 'n boks vol positiewe energie teen R200/ha nie. Daarvoor is die Groot Geskenk aan die herders op die ope velde gegee. Die Geskenk van Genade hou ook nie net vir een seisoen nie, maar vir 'n ewigheid.

Geseënde Krismis op die Oosgrens!

Kleinneef



Lesers is welkom om 'n e-pos aan Kleinneef te stuur by kleinneef@graingrowers.co.za.



SAAM
BOER ONS VIR
DIE TOEKOMS

So veelsydig en aanpasbaar as wat jou boerdery vereis.

Voergewasse waarop jy kan staatmaak. Ons veelsydige weidingspakket lewer voer met 'n hoë-drakrag en smaaklikheid en is geskik vir melk-, vleisbees- of skaapproduksie.

www.pannar.com | infoserve@pannar.co.za



| Lusern | Intensiewe Grasse | Droëland Wintergewasse | Eenjarige Subtropiese Gewasse |
|---|---|---|-------------------------------|
| Dormansieklasse 7 en 9, weiding en hooities | Eenjarige Raaigras Meerjarige Raaigras | Hawer Korog Stoelrog Japannese Radys | Voersorghums Tef |



© Geregistreerde handelsmerke van PANNAR BPK, © 2017 PANNAR BPK
 2017WEIDINGJAV18COMB01A4



KIES JOU KOERS!

Onder-prima
besparing

Deposito

-5%

50%

-4%

-3%

30%

-2%

20%

Met 'n 50% deposito kan jy enige nuwe John Deere produk bekom teen 'n rentekoers van so laag as prima minus 5%. Net so kan jy met 'n 20% deposito 'n koers so laag as prima minus 2% kry.* Die besluit is in jou hande!

Finansiering gebou vir jou

*Bepalings en voorwaardes geld.

John Deere Financial word ondersteun deur Absa, 'n lid van Barclays, 'n gemagtigde finansiële diensteverskaffer en geregistreerde kredietverskaffer. Reg Nr NCRCP7.



JOHN DEERE
FINANCIAL

Ondersteun deur



www.JohnDeere.co.za